# Government Gazette

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 682 | Cape Town Kaapstad | 6 April 2022 | No. 46205

### THE PRESIDENCY

**No. 956** **6 April 2022**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 22 of 2021: Civil Aviation Amendment Act, 2021**

### DIE PRESIDENSIE

**No. 956** **6 April 2022**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No. 22 van 2021: Wysigingswet op Burgerlike Lugvaart, 2021**

ISSN 1682-5845
9 771682 584003
46205

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 31 March 2022)*

# ACT

**To amend the Civil Aviation Act, 2009, so as to amend existing, and insert new, definitions; to rectify references to certain Ministries and Government Departments; to amend Chapter 4 of the Act so as to make provision for the operational independence of aircraft accident and incident investigation; to rectify the provision regarding the establishment of the South African Civil Aviation Authority; to give the South African Civil Aviation Authority environmental protection oversight function; to make provision for the Civil Aviation Authority as a preferential creditor in respect of any money, fees, charges or levies collected on its behalf; to do away with the requirement for the development of a corporate governance plan; to make provision for an employee of the Department to be a member of the Civil Aviation Authority Board; to amend the provisions relating to the appointment and removal of the Commissioner for Civil Aviation and matters related to his or her functions and responsibilities; to amend the provisions relating to the performance agreement between the Minister and the Aviation Safety Investigation Board; to clarify the provisions dealing with conflict of interest; to provide for the designation of the Chairperson of the National Aviation Security Committee and matters connected with the operations of the Committee; to delete the provisions dealing with compliance notices; to amend the provisions dealing with appeals; to authorise the Minister to issue exemptions and to prescribe additional offences and additional enforcement mechanisms; to extend the powers of the Minister to make regulations; to move the procedures for the establishment of consultative structures to the regulations; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 13 of 2009**

**1.** The Civil Aviation Act, 2009 (Act No. 13 of 2009) (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of ‘‘aerodrome’’ of the following definition:

‘‘ **‘aerodrome manager’** means any person appointed in writing by the owner or management of an aerodrome to act in such capacity or any person in control of an aerodrome, and includes any person appointed in writing by an owner or aerodrome management to discharge any function imposed, or to exercise any power conferred, upon an aerodrome manager by this Act;’’;

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordeninge aan. |
| ________ | Woorde met volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordeninge aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 31 Maart 2022)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Burgerlike Lugvaart, 2009, ten einde bestaande woordomskrywings te wysig en nuwes in te voeg; verwysings na sekere Ministeries en Staatsdepartemente reg te stel; Hoofstuk 4 van die Wet te wysig ten einde voorsiening te maak vir die operasionele onafhanklikheid van ondersoeke na lugvaartuigongelukke en -insidente; die bepaling oor die instelling van die Suid-Afrikaanse Burgerlike Lugvaartowerheid reg te stel; die Suid-Afrikaanse Burgerlike Lugvaartowerheid ’n toesigfunksie vir omgewingsbewaring te gee; voorsiening te maak dat die Burgerlike Lugvaartowerheid ’n voorkeurskuldeiser is ten opsigte van enige geld, gelde, heffings of vorderings namens die Burgerlike Lugvaartowerheid geïn; weg te doen met die vereiste vir die ontwikkeling van ’n korporatiewe beheerplan; voorsiening te maak vir ’n werknemer van die Departement om ’n lid van die Raad van die Burgerlike Lugvaartowerheid te wees; die bepalings te wysig oor die aanstelling en ontheffing van die kommissaris vir Burgerlike Lugvaart en aangeleenthede wat met sy of haar werksaamhede en verantwoordelikhede verband hou; die bepalings oor die prestasieooreenkoms tussen die Minister en die Lugvaartveiligheidsondersoekraad te wysig; die bepalings wat oor belangebotsings handel, duidelik te maak; voorsiening te maak vir die aanwysing van die Voorsitter van die Nasionale Lugvaartveiligheidskomitee en aangeleenthede wat met die bedryf van die Komitee verband hou; die bepalings wat oor nakomingskennisgewings handel, te skrap; die bepalings oor appèlle te wysig; die Minister te magtig om kwytskeldings uit te reik en bykomende misdrywe en bykomende toepassingsmeganismes voor te skryf; die bevoegdhede van die Minister om regulasies te maak, uit te brei; die prosedures vir die instelling van raadplegende strukture na die regulasies te skuif; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 13 van 2009**

**1.** Die Wet op Burgerlike Lugvaart, 2009 (Wet No. 13 van 2009) (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van ‘‘aangewysde lughawe’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘aangewysde [lughawe] vliegveld’** ’n maatskappylughawe soos omskryf in artikel 1 van die Lughawensmaatskappywet, 1993 (Wet No. 44 van 1993), en ook ’n lughawe of helihawe wat ingevolge artikel 4(5) deur die Minister aangewys is;’’;

*(b)* by the insertion after the definition of ''aircraft incident'' of the following definitions:

'' **'aircraft in flight'** refers to an aircraft at any time from the moment when all its external doors are closed following embarkation, until the moment when any such door is opened for disembarkation, and in the case of a forced landing, the flight shall be deemed to continue until the competent authorities take over the responsibility for the aircraft and for persons and property on board the aircraft;

**'aircraft in service'** refers to an aircraft from the beginning of the pre-flight preparation of the aircraft by ground personnel or by the crew for a specific flight, until twenty-four hours after any landing, and the period of service shall, in any event, extend for the entire period during which the aircraft is in flight;'';

*(c)* by the substitution for the definition of ''airport'' of the following definition:

'' **'airport'** means **[an aerodrome as defined in section 1 of this Act]** a demarcated area on land or water which is used or intended to be used, either wholly or in part, for the arrival or departure of aeroplanes, and includes any building, installation or equipment within such area which is used or intended to be used in connection with the arrival, departure or movement of an aeroplane;'';

*(d)* by the subsitution for the definition of ''air service'' of the following definition:

'' **'air service'** means any service operated by means of an aircraft to transport passengers, freight or mail;'';

*(e)* by the deletion of the definition of ''airport manager'';

*(f)* by the insertion after the definition of ''airport manager'' of the following definition:

'' **'Annex 13'** means Annex 13 to the Convention;'';

*(g)* by the insertion after the definition of ''appointed member'' of the following definition:

'' **'appropriate authority'** means a person or entity empowered by legislation to exercise certain authority;'';

*(h)* by the insertion after the definition of ''commander'' of the following definition:

'' **'Commissioner'** means the Commissioner for Civil Aviation appointed in terms of section 85;'';

*(i)* by the insertion after the definition of ''Criminal Procedure Act'' of the following definition:

'' **'Customs'** means the South African Revenue Service established in terms of section 2 of the South African Revenue Service Act, 1997 (Act No. 34 of 1997);'';

*(j)* by the substitution for the definition of ''designated airport'' for the following definition:

'' **'designated [airport] aerodrome'** means any company airport as defined in section 1 of the Airports Company Act, 1993 (Act No. 44 of 1993), and includes any airport **[, helistop]** or heliport designated by the Minister in terms of section 4(5);'';

*(k)* by the deletion of the definition of ''Director'';

*(l)* by the deletion of the definition of ''Director of Investigations'';

*(m)* by the insertion after the definition of ''Director of Investigations'' of the following definition:

'' **'Executive responsible for Aircraft Accident and Incident investigation'** means an official appointed by the Civil Aviation Authority as the responsible Executive for aircraft accident and incident investigation;'';

*(n)* by the substitution for the definition of ''helistop'' of the following definition:

'' **'helistop'** means a heliport either at a ground level or elevated on a structure, for the landing and take-off of helicopters, including the minimum prescribed safety equipment but excluding auxiliary facilities such as a parking area, a waiting room or a hanger;'';

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(*b*) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''aangewysde lughawe'' in te voeg:

'' **'Aanhangsel 13'** Aanhangsel 13 van die Konvensie;'';

(*c*) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''beperkingsgebied'' in te voeg:

'' **'bronmateriaal'** enige bronmateriaal soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Kernenergie, 1999 (Wet No. 46 van 1999);'';

(*d*) deur die omskrywing van ''Direkteur'' te skrap;

(*e*) deur die omskrywing van ''Direkteur van Ondersoeke'' te skrap;

(*f*) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Direkteur van Ondersoeke'' in te voeg:

'' **'Doeane'** die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingevolge artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet No. 34 van 1997), ingestel;'';

(*g*) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''gemagtigde persoon'' in te voeg:

'' **'gepaste owerheid'** 'n persoon of entiteit by wetgewing bemagtig om sekere gesag uit te oefen;'';

(*h*) deur die omskrywing van ''helistop'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'helistop'** 'n heliport op grondvlak of verhewe op 'n struktuur, vir die land en opstyg van helikopters, met inbegrip van die minimum voorgeskrewe veiligheidstoerusting maar met uitsondering van hulpfasiliteite soos 'n parkeerterrein, 'n wagkamer of 'n lugvaartuig-loods;'';

(*i*) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van ''inspekteur'' in te voeg:

'' **'kernmateriaal'** soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Kernenergie, 1999 (Wet No. 46 van 1999);

'' **'Kommissaris'** die Kommissaris vir Burgerlike Lugvaart ingevolge artikel 85 aangestel;'';

(*j*) deur die omskrywing van ''lugdiens'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'lugdiens'** enige diens met 'n lugvaartuig bedryf om passassiers, vrag of pos te karwei;'';

(*k*) deur die omskrywing van ''lughawe'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'lughawe' ['n vliegveld soos in artikel 1 van hierdie Wet omskryf]** 'n afgebakende area op die grond of water wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word, hetsy in geheel of gedeeltelik, vir die aankoms of vertrek van lugvaartuie, en sluit enige gebou, installasie of toerusting binne sodanige area in wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word in verband met die aankoms, vertrek of beweging van 'n vliegtuig;'';

(*l*) deur die omskrywing van ''lughawebestuurder'' te skrap;

(*m*) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van ''lugvaartuig'' in te voeg:

'' **'lugvaartuig in gebruik'** 'n lugvaartuig vanaf die begin van die voorvlugvoorbereiding van die lugvaartuig deur grondpersoneel of deur die bemanning vir 'n spesifieke vlug, tot vier-en-twintig-uur ná enige landing, en die dienstydperk sal, in enige geval, vir die hele tydperk wat die lugvaartuig in vlug is, voortduur;

**'lugvaartuig in vlug'** 'n lugvaartuig te eniger tyd vanaf die oomblik wanneer alle eksterne deure toegemaak is ná instapping, tot die oomblik wanneer enige sodanige deur oopgemaak word vir afstapping, en in die geval van 'n gedwonge landing, sal die vlug geag word voort te gaan totdat die bevoegde owerhede verantwoordelikheid vir die lugvaartuig en vir persone en eiendom aan boord van die lugvaartuig, oorneem;'';

(*n*) deur die omskrywing van ''ondersoeker'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'ondersoeker'** 'n persoon **[ingevolge artikel 26 aangestel]** kragtens artikel 33 as sodanig aangestel;'';

*(o)* by the substitution for the definition of ''investigator'' of the following definition:

'' **'investigator'** means a person **[appointed under section 26]** designated as such under section 33;'';

*(p)* by the insertion after the definition of ''NASP'' of the following definition:

'' **'nuclear material'** means nuclear material as defined in section 1 of the Nuclear Energy Act, 1999 (Act No. 46 of 1999);'';

*(q)* by the insertion after the definition of ''Public Finance Management Act'' of the following definition:

'' **'radioactive material'** means radioactive material as defined in section 1 of the Nuclear Energy Act, 1999 (Act No. 46 of 1999);'';

*(r)* by the insertion after the definition of ''restricted area'' of the following definition:

'' **'safety programme'** means an integrated set of regulations and activities aimed at improving safety;'';

*(s)* by the insertion after the definition of ''search'' of the following definition:

'' **'source material'** means source material as defined in section 1 of the Nuclear Energy Act, 1999 (Act No. 46 of 1999);'';

*(t)* by the insertion after the definition of ''Transit Agreement'' of the following definition:

'' **'weapon of mass destruction'** means a weapon of mass destruction as defined in the Non-proliferation of Weapons of Mass Destruction Act, 1993 (Act No. 87 of 1993);''; and

*(u)* by the deletion of subsections (2), (3) and (4).

**Amendment of section 2 of Act 13 of 2009**

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''This Act, **[the Convention, the Transit Agreement and Protocol,]** except where expressly excluded under this Act, **[apply]** applies to—'';

*(b)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''This Act **[, the Convention and the Transit Agreement do]** does not apply to—'';

*(c)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

''(4) Notwithstanding subsection (3), Part 1 of Chapter 11 **[and the Civil Aviation Regulations, 1997, apply]** applies to—

*(a)* an aircraft belonging to the South African National Defence Force, **[and]** the South African Police Service and Customs; and

*(b)* an aircraft in use exclusively by the South African National Defence Force, **[and]** the South African Police Service and Customs,

where such aircraft are in flight through controlled airspace or in use at non-military aerodromes and heliports.''; and

*(d)* by the addition of the following subsection:

''(5) Despite subsection (3), the Minister may, after consultation with the Cabinet members responsible for defence, police and customs, by notice in the *Gazette*, determine which provisions of the civil aviation regulations are applicable to the aircraft referred to in subsection (3).''.

**Amendment of section 3 of Act 13 of 2009**

**3.** Section 3 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

''**Power to carry out and apply Convention [,] and Transit Agreement [and Protocol]**'';

(*o*) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "Raad van die Burgerlike Lugvaartowerheid" in te voeg:

" **'radioaktiewe materiaal'** radioaktiewe materiaal soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Kernenergie, 1999 (Wet No. 46 van 1999);";

(*p*) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van "Transito-ooreenkoms" in te voeg:

" **'Uitvoerende beampte verantwoordelik vir ondersoeke na lugvaartuigongelukke en -insidente'** 'n beampte deur die Burgerlike Lugvaartowerheid aangestel as die uitvoerende beampte verantwoordelik vir ondersoeke na lugvaartuigongelukke en -insidente;

**'veiligheidsprogram'** 'n geïntegreerde stel regulasies en aktiwiteite gemik op die verbetering van veiligheid;";

(*q*) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "vliegveld" in te voeg:

"**'vliegveldbestuurder'** enige persoon wat skriftelik deur die eienaar of bestuur van 'n vliegveld aangestel is om in sodanige hoedanigheid op te tree of enige persoon in beheer van 'n vliegveld, en sluit enige persoon in wat skriftelik deur 'n eienaar of vliegveldbestuur aangestel is om enige werksaamheid te verrig of enige bevoegdheid uit te oefen wat deur hierdie Wet aan 'n vliegveldbestuurder opgelê word;";

(*r*) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "wannaderings-prosedure" in te voeg:

" **'wapen van grootskaalse vernietiging'** 'n wapen van grootskaalse vernietiging soos omskryf in die Wet op Nie-proliferasie van Wapens van Grootskaalse Vernietiging, 1993 (Wet No. 87 van 1993);"; en

(*s*) deur subartikels (2), (3) en (4) te skrap.

**Wysiging van artikel 2 van Wet 13 van 2009**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (*a*) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Hierdie Wet, **[die Konvensie, die Transito-ooreenkoms en die Protokol,]** uitgesonderd waar dit uitdruklik kragtens hierdie Wet uitgesluit word, is van toepassing op—";

(*b*) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf (*a*) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Hierdie Wet**[, die Konvensie en die Transito-ooreenkoms]** is nie van toepassing nie op—";

(*c*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Ondanks subartikel (3) is Deel 1 van Hoofstuk 11 **[en die Regulasies op Burgerlike Lugvaart, 1997,]** van toepassing op—

(*a*) 'n lugvaartuig wat aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, **[en]** die Suid-Afrikaanse Polisiediens en Doeane behoort; en

(*b*) 'n lugvaartuig wat eksklusief deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, **[en]** die Suid-Afrikaanse Polisiediens en Doeane gebruik word,

waar sodanige lugvaartuig in vlug is deur beheerde lugruim of in gebruik is by nie-militêre vliegvelde en helihawens."; en

(*d*) deur die volgende subartikel by te voeg:

"(5) Ondanks subartikel (3), kan die Minister, na oorleg met die Kabinetslede verantwoordelik vir verdediging, polisie en doeane, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, vasstel watter bepalings van die regulasies oor burgerlike lugvaart van toepassing is op lugvaartuie in subartikel (3) bedoel.".

**Wysiging van artikel 3 van Wet 13 van 2009**

**3.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Bevoegdheid om Konvensie[,] en Transito-ooreenkoms [en Protokol] uit te voer en toe te pas**";

*(b)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''The Minister **[, in consultation with the Civil Aviation Authority,]** may''; and

*(c)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* do all things necessary to ratify, or cause to be ratified on behalf of the Republic, any amendments of or additions to the Convention **[,]** and the Transit Agreement **[or Protocol]** which may be made; and''.

**Amendment of section 4 of Act 13 of 2009**

**4.** Section 4 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

''**Functions of Minister in connection with Act[, Convention and Transit Agreement]**'';

*(b)* by the deletion of subsection (4); and

*(c)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

''(5) The Minister may, in addition to the company airports defined in section 1 of the Airports Company Act, 1993 (Act No. 44 of 1993), by notice in the *Gazette*, designate any other **[airport]** aerodrome for the purposes of this Act.''.

**Substitution of section 5 of Act 13 of 2009**

**5.** The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Act:

''**Enactment of Convention [,] and Transit Agreement [and Protocol]**

**5.** (1) The Convention **[,]** and the Transit Agreement **[and Protocol]** referred to in Schedules 3 and 4, respectively, have, subject to this Act, the force of law in the Republic.

(2) The Minister may by notice in the *Gazette* amend Schedules 3 and 4 to reflect any changes made to the Convention **[,]** and the Transit Agreement **[and Protocol]** if those changes are binding on the Republic in terms of section 231 of the Constitution.''.

**Amendment of section 7 of Act 13 of 2009**

**6.** Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

''(1) Subject to the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act No. 28 of 2002), the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998), and the Constitution, the Minister **[of Minerals and Energy]** responsible for mineral resources may permit the use of land held under any reconnaissance permission, exploration, prospecting or mining authorisation or permission, for the establishment of **[airports or heliports]** an aerodrome.

(2) Before granting any permission in terms of subsection (1) for the use of land held under any reconnaissance permission, exploration, prospecting or mining authorisation or permission for the establishment of **[airports or for landing places for aircraft]** an aerodrome, the Minister **[of Minerals and Energy]** responsible for mineral resources must consult with the Minister and all interested parties.''.

**Amendment of section 8 of Act 13 of 2009**

**7.** Section 8 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) No action lies in respect of trespass or in respect of nuisance, by reason only of the flight of aircraft over any property at a height, which, having regard to wind, weather and other circumstances of the case, is

*(b)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Minister **[, in oorleg met die Burgerlike Lugvaartowerheid,]** kan''; en

*(c)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* alles doen wat nodig is om enige wysigings van of byvoegings by die Konvensie**[,]** en die Transito-ooreenkoms **[of die Protokol]** wat aangebring word, namens die Republiek te bekragtig of te laat bekragtig; en''.

**Wysiging van artikel 4 van Wet 13 van 2009**

**4.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Funksies van Minister in verband met Wet[, Konvensie en Transito-ooreenkoms]**'';

*(b)* deur subartikel (4) te skrap; en

*(c)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Die Minister kan, benewens die maatskappylughawens wat in artikel 1 van die Lughawensmaatskappywet, 1993 (Wet No. 44 van 1993), omskryf is, by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige ander **[lughawe]** vliegveld vir die doeleindes van hierdie Wet aanwys.''.

**Vervanging van artikel 5 van Wet 13 van 2009**

**5.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Verordening van Konvensie[,] en Transito-ooreenkoms [en Protokol]**

**5.** (1) Behoudens hierdie Wet het die Konvensie**[,]** en die Transito-ooreenkoms **[en die Protokol]** in onderskeidelik Bylaes 3 en 4 bedoel, regskrag en -uitwerking in die Republiek.

(2) Die Minister kan Bylaes 3 en 4 by kennisgewing in die *Staatskoerant* wysig om enige veranderings te weerspieël wat aan die Konvensie**[,]** en die Transito-ooreenkoms **[en die Protokol]** aangebring is, indien daardie veranderinge bindend is vir die Republiek ingevolge artikel 231 van die Grondwet.''.

**Wysiging van artikel 7 van Wet 13 van 2009**

**6.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) Behoudens die 'Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002' (Wet No. 28 van 2002), die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No. 107 van 1998), die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998), en die Grondwet kan die Minister **[van Minerale en Energie]** verantwoordelik vir minerale hulpbronne toelaat dat grond wat kragtens 'n verkenningsvergunning of eksplorasie-, prospekteer- of mynboumagtiging of -toestemming besit word, gebruik word vir die oprigting van **[lughawens of helihawens]** 'n vliegveld.

(2) Voor die verlening van toestemming ingevolge subartikel (1) vir die gebruik van grond wat kragtens 'n verkenningsvergunning of eksplorasie-, prospekteer- of mynboumagtiging of -toestemming besit word, vir die oprigting van **[lughawens of vir landingsplekke vir lugvaartuie]** 'n vliegveld, moet die Minister **[van Minerale en Energie]** verantwoordelik vir minerale hulpbronne met die Minister en alle belanghebbende partye oorleg pleeg.''.

**Wysiging van artikel 8 van Wet 13 van 2009**

**7.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Daar kan geen aksie ingestel word nie ten opsigte van oortreding of steurnis slegs uit hoofde van die vlieg van lugvaartuie oor enige eiendom op 'n hoogte wat met inagneming van die wind, weer en al die

reasonable, or the ordinary incidents of such flight, so long as this Act**[, the Convention and the Transit Agreement are]** is duly complied with.''; and

*(b)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

''(5) A registered owner or operator of an aircraft must have insurance as prescribed for any damage or loss that **[is]** may be caused by **[an]** his or her aircraft to any person or property on land or water.''.

**Substitution of Chapter 4 of Act 13 of 2009**

**8.** The following Chapter is hereby substituted for Chapter 4 of the principal Act:

''**CHAPTER 4**

***Part 1***

**AIRCRAFT ACCIDENTS AND INCIDENTS INVESTIGATION AND ESTABLISHMENT OF AVIATION SAFETY INVESTIGATION BOARD**

**Application of Chapter**

**9.** (1) This Chapter applies in respect of aircraft accidents and incidents in or over—

*(a)* the Republic;

*(b)* any place that is under the Republic's air traffic service and management; and

*(c)* any other place, if—

(i) the Republic is requested to investigate by an appropriate authority in terms of the Convention; or

(ii) the aircraft accident or incident involves an aircraft in respect of which, or that is operated by a person to whom, a South African aviation authorisation, aviation certificate or any aviation approval document has been issued.

(2) The application of this Chapter in respect of aircraft accidents and incidents referred to in section 12(4) is subject to such restrictions in the interests of national security as are provided for in the Defence Act, 2002 (Act No. 42 of 2002), or as prescribed by the Minister by notice in the *Gazette*.

(3) In this Chapter 'department' means any department in the national sphere of Government.

**Establishment of Aviation Safety Investigation Board**

**10.** The Aviation Safety Investigation Board, which is a juristic person, is hereby established.

**Objects of Aviation Safety Investigation Board**

**11.** (1) The objects of the Aviation Safety Investigation Board are to advance aviation transportation safety—

*(a)* by conducting independent investigations, including, when necessary, public inquiries into selected aircraft accidents and incidents in order to make findings as to their causes and contributing factors;

*(b)* by identifying safety deficiencies as evidenced by aircraft accidents and incidents;

*(c)* by making recommendations designed to eliminate or reduce any such safety deficiencies;

*(d)* by reporting publicly on its investigations and on the findings in relation thereto;

omstandighede van die geval, redelik is, of die voorvalle wat gewoonlik met so 'n vlug gepaardgaan, mits hierdie Wet **[, die Konvensie en die Transito-ooreenkoms]** behoorlik nagekom word.''; en

*(b)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

''(5) 'n Geregistreerde eienaar of operateur van 'n lugvaartuig moet oor versekering beskik soos voorgeskryf vir enige skade of verlies wat deur **['n]** lugvaartuig veroorsaak kan word vir 'n persoon of eiendom op land of water.''.

**Vervanging van Hoofstuk 4 van Wet 13 van 2009**

**8.** Hoofstuk 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende Hoofstuk vervang:

''**HOOFSTUK 4**

***Deel 1***

**ONDERSOEKE NA LUGVAARTUIGONGELUKKE EN -INSIDENTE EN STIGTING VAN LUGVAARTVEILIGHEIDSONDERSOEKRAAD**

**Toepassing van Hoofstuk**

**9.** (1) Hierdie Hoofstuk is van toepassing ten opsigte van lugvaartuigongelukke en -insidente in of oor—

*(a)* die Republiek;

*(b)* enige plek wat onder die Republiek se lugverkeerdiens en -bestuur val; en

*(c)* enige ander plek, indien—

(i) 'n gepaste owerheid ingevolge die Konvensie versoek dat die Republiek ondersoek instel; of

(ii) die lugvaartuigongeluk of -insident 'n lugvaartuig betrek ten opsigte waarvan, of wat bedryf word deur 'n persoon aan wie, 'n Suid-Afrikaanse lugvaartmagtiging, -lugvaartsertifikaat of enige lugvaartgoedkeuringsdokument uitgereik is.

(2) Die toepassing van hierdie Hoofstuk ten opsigte van lugvaartuigongelukke en -voorvalle in artikel 12(4) bedoel, is onderhewig aan beperkings in die belang van nasionale veiligheid waarvoor in die 'Defence Act', 2002 (Wet No. 42 van 2002), voorsiening gemaak word of soos deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* voorgeskryf.

(3) In hierdie Hoofstuk beteken 'departement' enige departement in die nasionale regeringsfeer.

**Instelling van Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**10.** Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, wat 'n regspersoon is, word hierby ingestel.

**Oogmerke van Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**11.** (1) Die oogmerke van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad is om lugvervoerveiligheid te bevorder—

*(a)* deur onafhanklike ondersoeke te doen, met inbegrip van, wanneer nodig, openbare ondersoeke na gekose lugvaartongelukke en -insidente ten einde bevindings oor die oorsake en bydraende faktore daarvan te maak;

*(b)* deur veiligheidstekortkominge te identifiseer soos deur lugvaartuigongelukke en -insidente bewys;

*(c)* deur aanbevelings te doen wat ontwerp is om enige sodanige veiligheidstekortkominge te elimineer of te verminder;

*(d)* deur openbaar verslag te lewer oor die raad se ondersoeke en die bevindings wat daarmee verband hou;

*(e)* by promoting compliance with the provisions and procedures of Annex 13;

*(f)* by investigating aircraft accidents and incidents in compliance with the provisions and procedures of Annex 13; and

*(g)* by discharging all other findings and obligations in compliance with the provisions and procedures of Annex 13.

(2) The Aviation Safety Investigation Board must not apportion blame or liability in any report following the investigation of any aircraft accident or incident, and the sole objective of the investigation is accident prevention.

(3) In making its findings as to the causes and contributing factors of an aircraft accident and incident, it is not the function of the Aviation Safety Investigation Board to assign fault or determine civil or criminal liability, but the Aviation Safety Investigation Board must not refrain from fully reporting on the causes and contributing factors merely because fault or liability might be inferred from the Aviation Safety Investigation Board's findings.

(4) No finding of the Aviation Safety Investigation Board must be construed as apportioning blame or determining civil or criminal liability.

(5) The findings of, or the evidence before, the Aviation Safety Investigation Board are not binding on the parties to any legal, disciplinary or any other proceedings and may not be used in any civil, criminal or disciplinary proceedings against persons giving such evidence.

(6) Where the causes and contributing factors of any aircraft accident or incident is known to the Aviation Safety Investigation Board it may decide not to investigate such aircraft accident or incident.

(7) Subject to the provisions of the South African Maritime and Aeronautical Search and Rescue Act, 2002 (Act No. 44 of 2002), and the Convention, the South African Police Service, shall have rights of prior access to any scene of aircraft accident or incident.

**Jurisdiction of Aviation Safety Investigation Board**

**12.** (1) Notwithstanding any other legislation, the Aviation Safety Investigation Board must, in compliance with Annex 13, investigate any aircraft accident and incident for the purpose of carrying out its objects.

(2) Notwithstanding any other legislation—

*(a)* no department, other than the department responsible for defence, may commence an investigation into an aircraft accident or incident for the purpose of making findings as to its causes and contributing factors, if—

(i) that aircraft accident or incident is being or has been investigated by the Aviation Safety Investigation Board under this Act; or

(ii) the Department has been informed that that aircraft accident or incident is proposed to be investigated by the Aviation Safety Investigation Board under this Act; and

*(b)* where an investigation into an aircraft accident or incident is commenced by the Aviation Safety Investigation Board under this Act after an investigation into that aircraft accident or incident has been commenced by a department other than the department responsible for defence, that department must forthwith discontinue its investigation, to the extent that it is an investigation for the purpose of making findings as to the causes and contributing factors of the aircraft accident or incident.

(3) Subsection (2) does not prevent—

*(a)* a department from commencing an investigation into or continuing to investigate an aircraft accident or incident for any purpose other than that of making findings as to its causes and contributing factors, or from investigating any matter that is related to the aircraft accident or

*(e)* deur voldoening aan die bepalings en prosedures van Aanhangsel 13 te bevorder;
*(f)* deur lugvaartuigongelukke en -insidente te ondersoek ter voldoening aan die bepalings en prosedures van Aanhangsel 13; en
*(g)* deur alle ander bevindings en verpligtinge ter voldoening aan die bepalings en prosedures van Aanhangsel 13 te vervul.

(2) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet nie blaam of aanspreeklikheid toedig in enige verslag na afloop van die ondersoek van enige lugvaartuigongeluk of -insident nie, en die alleenoogmerk van die ondersoek is ongelukvoorkoming.

(3) By die maak van bevindings oor die oorsake en bydraende faktore van 'n lugvaartuigongeluk en -insident, is dit nie die funksie van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad om vas te stel wie se skuld dit was of om siviele of strafregtelike aanspreeklikheid te bepaal nie, maar die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet nie huiwer om ten volle verslag te doen oor die oorsake en bydraende faktore nie bloot omdat skuld of aanspreeklikheid dalk uit die Lugvaartveiligheidsondersoekraad se bevindings afgelei kan word.

(4) Geen bevinding van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet uitgelê word as dat dit blaam toewys of siviele of strafregtelike aanspreeklikheid bepaal nie.

(5) Die bevindings van, of die getuienis voor, die Lugvaartveiligheidsondersoekraad is nie bindend op die partye tot enige regs-, dissiplinêre of enige ander verrigtinge nie en kan nie in enige siviele, strafregtelike of dissiplinêre verrigtinge gebruik word teen persone wat sodanige getuienis gee nie.

(6) Waar die oorsake en bydraende faktore van enige lugvaartuigongeluk of -insident aan die Lugvaartveiligheidsondersoekraad bekend is, kan hulle besluit om sodanige lugvaartuigongeluk of -insident nie te ondersoek nie.

(7) Behoudens die bepalings van die Wet op Suid-Afrikaanse Maritieme en Lugvaart-soek-en-redding, 2002 (Wet No. 44 van 2002), en die Konvensie, het die Suid-Afrikaanse Polisiediens die regte van vooraftoegang tot 'n toneel van 'n lugvaartuigongeluk- of insident.

**Jurisdiksie van Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**12.** (1) Ondanks enige ander wetgewing, moet die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, in voldoening aan Aanhangsel 13, enige lugvaartuigongeluk en -insident ondersoek met die doel om hulle oogmerke uit te voer.

(2) Ondanks enige ander wetgewing—
*(a)* kan geen departement, behalwe die departement verantwoordelik vir verdediging, 'n ondersoek na 'n lugvaartuigongeluk of -insident begin met die doel om bevindinge te maak oor die oorsake en bydraende faktore daarvan nie, indien—
(i) daardie lugvaartuigongeluk of -insident kragtens hierdie Wet deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad ondersoek word; of
(ii) die Departement ingelig is dat voorgestel word dat daardie lugvaartuigongeluk of -insident kragtens hierdie Wet deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad ondersoek word; en
*(b)* waar 'n ondersoek na 'n lugvaartuigongeluk of -insident kragtens hierdie Wet deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad begin word nadat 'n ondersoek na daardie lugvaartuigongeluk of -insident begin is deur 'n departement anders as die departement verantwoordelik vir verdediging, moet daardie departement summier ophou met hulle ondersoek, tot die mate wat dit 'n ondersoek is met die doel om bevindings te maak oor die oorsake en bydraende faktore van die lugvaartuigongeluk of -insident.

(3) Subartikel (2) weerhou nie—
*(a)* 'n departement daarvan om 'n ondersoek te begin na of om voort te gaan om 'n lugvaartuigongeluk of -insident te ondersoek met enige doel anders as om bevindinge oor die oorsake en bydraende faktore te maak, of daarvan om enige aangeleentheid te ondersoek wat met die

incident and that is not being investigated by the Aviation Safety Investigation Board; or

*(b)* the South African Police Service from investigating the aircraft accident or incident for any purpose for which it is empowered to conduct investigations.

(4) The Aviation Safety Investigation Board may investigate an aircraft accident and incident that involves—

*(a)* a military conveyance and an aircraft which is not a military conveyance;

*(b)* a military conveyance and a civil aviation facility; or

*(c)* a military aviation facility and an aircraft which is not a military conveyance.

(5) Where the Aviation Safety Investigation Board does not investigate an aircraft accident or incident, no department is prevented from investigating any aspect of the aircraft accident or incident that it is empowered to investigate.

(6) The Aviation Safety Investigation Board must not inquire into any aircraft accident or incident in respect of which a prosecution, an inquest or an inquiry by a commission has been established by the Minister which was instituted or completed before the commencement of this Act.

**Coordination of investigations and remedial actions**

**13.** (1) Where, at any time during an investigation into an aircraft accident or incident under this Act, a department other than the department responsible for defence investigates that aircraft accident or incident, or undertakes remedial measures with respect to that aircraft accident or incident, the Aviation Safety Investigation Board and such department must take all reasonable measures to ensure that their activities with respect to that aircraft accident or incident are coordinated.

(2) Where conflicting interests arise between the Aviation Safety Investigation Board and a department in coordinating their activities pursuant to subsection (1), the requirements and interests of the Aviation Safety Investigation Board, subject to subsection (3) and any agreement entered into under section 27, take precedence and are paramount to the extent of the conflict.

(3) No item in subsection (2) gives the requirements and interests of the Aviation Safety Investigation Board precedence over those of the South African Police Service, or prevents a department from taking emergency remedial measures under any other legislation.

(4) Where an aircraft accident or incident referred to in subsection (1) is being investigated by the Aviation Safety Investigation Board, the department responsible for defence, the South African Police Service or a visiting force, the Aviation Safety Investigation Board and the Cabinet member responsible for defence must take all reasonable measures to ensure that the investigations are coordinated.

**Compatible procedures and practices**

**14.** (1) The Aviation Safety Investigation Board must take all reasonable measures to ensure that the investigation procedures and practices that it follows in relation to aircraft accidents and incidents are compatible with—

*(a)* any international agreements or Conventions to which the Republic is a party; and

*(b)* investigation procedures and practices followed by the judicial inquests in terms of the Inquests Act, 1959 (Act No. 58 of 1959).

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

lugvaartuigongeluk of -insident verband hou nie en wat nie deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad ondersoek word nie; of

*(b)* die Suid-Afrikaanse Polisiediens daarvan om die lugvaartuigongeluk of -insident met enige doel waarvoor hulle gemagtig is om ondersoeke te doen, te ondersoek nie.

(4) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan 'n lugvaartuigongeluk en -insident ondersoek waarin—

*(a)* 'n militêre vervoermiddel en 'n lugvaartuig wat nie 'n militêre vervoermiddel is nie;

*(b)* 'n militêre vervoermiddel en 'n burgerlike lugvaartfasiliteit; of

*(c)* 'n militêre lugvaartfasiliteit en 'n lugvaartuig wat nie 'n militêre vervoermiddel is nie,

betrokke was.

(5) Waar die Lugvaartveiligheidsondersoekraad nie 'n lugvaartuigongeluk of -insident ondersoek nie, word geen departement daarvan weerhou om enige aspek van die lugvaartuigongeluk of -insident te ondersoek wat hulle bemagtig is om te ondersoek nie.

(6) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet nie ondersoek instel na enige lugvaartuigongeluk of -insident ten opsigte waarvan 'n vervolging, 'n geregtelike doodsondersoek of 'n ondersoek deur 'n kommissie deur die Minister ingestel is, wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingestel of afgehandel is nie.

**Koördinering van ondersoeke en regstellende maatreëls**

**13.** (1) Waar, te eniger tyd gedurende 'n ondersoek na 'n lugvaartuigongeluk of -insident kragtens hierdie Wet, 'n departement behalwe die departement verantwoordelik vir verdediging daardie lugvaartuigongeluk of -insident ondersoek, of regstellende maatreëls onderneem ten opsigte van daardie lugvaartuigongeluk of -insident, moet die Lugvaartveiligheidsondersoekraad alle redelike stappe doen om te verseker dat hulle aktiwiteite ten opsigte van die lugvaartuigongeluk of -insident gekoördineer is.

(2) Waar botsende belange tussen die Lugvaartveiligheidsondersoekraad en 'n departement ontstaan in die koördinering van hulle aktiwiteite in navolging van subartikel (1), geniet die vereistes en belange van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, behoudens subartikel (3) en enige ooreenkoms kragtens artikel 27 aangegaan, voorrang en is van groter belang tot die mate van die konflik.

(3) Geen item in subartikel (2) gee die vereistes en belang van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad voorrang oor dié van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, of weerhou 'n departement daarvan om noodregstellendestappe kragtens enige wetgewing te doen nie.

(4) Waar 'n lugvaartuigongeluk of -insident in subartikel (1) bedoel, deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, die departement verantwoordelik vir verdediging, die Suid-Afrikaanse Polisiediens of 'n besoekende mag, ondersoek word, moet die Lugvaartveiligheidsondersoekraad en die Kabinetslid verantwoordelik vir verdediging alle redelike stappe doen om te verseker dat die ondersoeke gekoördineer is.

**Versoenbare prosedures en praktyke**

**14.** (1) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet alle redelike maatreëls tref om te verseker dat die ondersoekprosedures en -praktyke wat hulle volg betreffende lugvaartuigongelukke en -insidente versoenbaar is met—

*(a)* enige internasionale ooreenkomste of Konvensies waartoe die Republiek 'n party is; en

*(b)* ondersoekprosedures en -praktyke gevolg deur die geregtelike doodsondersoeke ingevolge die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959 (Wet No. 58 van 1959).

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(2) The Aviation Safety Investigation Board must make all reasonable efforts to enter into agreements in order to ensure that the procedures and practices followed by the Aviation Safety Investigation Board are compatible, as far as possible, with those followed by the judicial inquests in terms of the Inquests Act, 1959.

*Part 2*

**APPOINTMENT OF MEMBERS OF AVIATION SAFETY INVESTIGATION BOARD**

**Procedure in appointing members of Aviation Safety Investigation Board**

**15.** (1) The Aviation Safety Investigation Board consists of a Chairperson and at least four other members appointed in accordance with the following principles, namely—

*(a)* participation by the public in the nomination process; and

*(b)* transparency and openness taking into account the objects and principles of this Act.

(2) *(a)* Before the members of the Aviation Safety Investigation Board are appointed, the Minister must, through the media, invite members of the public to apply or nominate persons for appointment to the Aviation Safety Investigation Board and who comply with the criteria contemplated in section 16.

*(b)* The Minister must, after receipt of the nominations and applications contemplated in paragraph *(a)*, invite at least four aviation experts and the Commissioner to assist in the selection and evaluation of persons eligible for appointment to the Aviation Safety Investigation Board.

*(c)* The aviation experts referred to in paragraph *(b)* must compile a shortlist consisting of not more than 10 persons.

*(d)* The Minister must submit the list contemplated in paragraph *(c)* to Parliament.

*(e)* Parliament must conduct interviews and make a recommendation of at least seven names, in order of preference, to the Minister to appoint the five members of the Aviation Safety Investigation Board.

*(f)* The aviation experts contemplated in paragraph *(b)* must include—

(i) a person with technical knowledge and experience in the aviation field;

(ii) a person with a legal background; and

(iii) a person with knowledge of, and experience in, aviation accident and incident investigations.

**Requirements for appointment as members of Aviation Safety Investigation Board**

**16.** Members appointed to the Aviation Safety Investigation Board must be persons who—

*(a)* are committed to fairness, freedom of expression, openness and accountability on the part of those entrusted with the governance of a public service; and

*(b)* when viewed collectively be knowledgeable of aviation transportation having regard to the following factors:

(i) technical knowledge in matters relating to civil aviation;

(ii) special skills, professional standing, expertise or experience in matters concerning civil aviation; and

(iii) possess suitable qualifications, expertise and experience in the field of aviation accident and incident investigation or any other relevant expertise or qualifications.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(2) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet alle redelike pogings aanwend om ooreenkomste aan te gaan ten einde te verseker dat die prosedures en praktyke wat die Lugvaartveiligheidsondersoekraad volg, so ver moontlik versoenbaar is met dié wat deur die geregtelike doodsondersoeke ingevolge die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959, gevolg word.

*Deel 2*

**AANSTELLING VAN LEDE VAN LUGVAARTVEILIGHEIDSONDERSOEKRAAD**

**Prosedure vir aanstelling van lede van Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**15.** (1) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad bestaan uit 'n Voorsitter en ten minste vier ander lede ooreenkomstig die volgende beginsels aangestel, naamlik—

*(a)* openbare deelname in die benoemingsproses; en
*(b)* deursigtigheid en openheid met inagneming van die oogmerke en beginsels van hierdie Wet.

(2) *(a)* Voordat die lede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad aangestel word, moet die Minister, deur die media, lede van die publiek uitnooi om aansoek te doen of om persone te benoem vir aanstelling op die Lugvaartveiligheidsondersoekraad en wat voldoen aan die maatstawwe in artikel 16 beoog.

*(b)* Die Minister moet, na ontvangs van die benoemings en aansoeke in paragraaf *(a)* beoog, ten minste vier lugvaartdeskundiges en die Kommissaris nooi om te help met die keuring en evaluering van persone wat tot die Lugvaartveiligheidsondersoekraad aangestel kan word.

*(c)* Die lugvaartdeskundiges in paragraaf *(b)* bedoel, moet 'n kortlys van hoogstens 10 persone opstel.

*(d)* Die Minister moet die lys in paragraaf *(c)* beoog, aan die Parlement voorlê.

*(e)* Die Parlement moet onderhoude voer en 'n aanbeveling maak van ten minste sewe name, in voorkeurorde, aan die Minister om die vyf lede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad aan te stel.

*(f)* Die lugvaartdeskundiges in paragraaf *(b)* beoog—

(i) moet 'n persoon met tegniese kennis en ervaring in die veld van lugvaart insluit;
(ii) moet 'n persoon met 'n regsagtergrond insluit; en
(iii) moet 'n persoon met kennis van, en ervaring in, ondersoeke van lugvaartongelukke en -insidente insluit.

**Vereistes vir aanstelling as lede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**16.** Lede wat op die Lugvaartveiligheidsondersoekraad aangestel word, moet persone wees wat—

*(a)* verbind is tot billikheid, vryheid van uitdrukking, openlikheid en aanspreeklikheid aan die kant van diegene aan wie die beheer van 'n staatsdiens toevertrou is;
*(b)* gesamentlik kennis dra van lugvervoer met inagneming van die volgende faktore:
  (i) tegniese kennis in aangeleenthede betreffende burgerlike lugvaart;
  (ii) spesiale vaardighede, professionele reputasie, kundigheid of ervaring in aangeleenthede betreffende burgerlike lugvaart; en
  (iii) gepaste kwalifikasies, kundigheid en ervaring in die veld van lugvaartongeluk en -insidentondersoek of enige ander tersaaklike kundigheid of kwalifikasies het.

**Filling of vacancies and term of office of Aviation Safety Investigation Board**

**17.** (1) In fixing a term of appointment or reappointment, the Minister must endeavour to ensure, to the extent that it is practical to do so, that, despite periodic changes in the membership of the Aviation Safety Investigation Board, it remains constituted of persons who have had previous experience as members of the Aviation Safety Investigation Board.

(2) Any vacancy on the Aviation Safety Investigation Board must be filled by the appointment by the Minister in terms of section 15(2), of another person for the unexpired portion of the period for which the vacating member was appointed.

(3) The Minister may appoint from the list contemplated in section 15(2)*(e)* any eligible person to act—

*(a)* in any member's stead; or

*(b)* in a temporary capacity in any vacancy in the Aviation Safety Investigation Board, for such period as the Minister may determine.

(4) A member of the Aviation Safety Investigation Board is a part-time member and must hold office for a term not exceeding five years and is on expiration of such member's term of office, eligible for reappointment for not more than one additional term.

**Disqualification and removal of members of Aviation Safety Investigation Board**

**18.** (1) A person may not be appointed as a member of the Aviation Safety Investigation Board if he or she—

*(a)* is not a South African citizen or a permanent resident in the Republic;

*(b)* is a member of Parliament, any provincial legislature or any municipal council;

*(c)* is an office-bearer or employee of any party, movement or organisation of a party-political nature;

*(d)* is an unrehabilitated insolvent;

*(e)* has been declared by a court to be mentally ill or incapacitated;

*(f)* has at any time been convicted, whether in the Republic or elsewhere, of—

(i) theft, fraud, forgery or uttering a forged document, perjury, an offence in terms of the Prevention of Corruption Act, 1958 (Act No. 6 of 1958), the Corruption Act, 1992 (Act No. 94 of 1992), Part 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), or any other offence involving dishonesty; or

(ii) an offence under this Act;

*(g)* has been sentenced, after the commencement of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, to a period of imprisonment without the option of a fine; or

*(h)* has at any time been removed from an office of trust on account of misconduct.

(2) A member of the Aviation Safety Investigation Board may be removed from office by the Minister—

*(a)* for absence from three consecutive meetings of the Aviation Safety Investigation Board without the permission of the Chairperson of the Aviation Safety Investigation Board and without a good cause;

*(b)* if such a member becomes disqualified as contemplated in subsection (1);

*(c)* if such a member repeatedly fails to perform the duties of office efficiently;

*(d)* if, due to any physical or mental illness or any other cause, such member becomes incapable of performing the functions of that office or performs them inefficiently; or

*(e)* for misconduct.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**Vul van vakatures en ampstermyn van Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**17.** (1) By die vasstel van 'n aanstellings- of heraanstellingstermyn, moet die Minister probeer om te verseker, sover prakties moontlik, dat die Lugvaartveiligheidsondersoekraad ten spyte van periodieke veranderinge in die lidmaatskap daarvan, steeds saamgestel is uit persone wat vorige ervaring as lede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad het.

(2) Enige vakature op die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet deur aanstelling deur die Minister ingevolge artikel 15(2) gevul word deur 'n ander persoon vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die ontruimende persoon aangestel is.

(3) Die Minister kan uit die lys in artikel 15(2)*(e)* beoog enige kwalifiserende persoon aanstel om waar te neem—

*(a)* in enige lid se plek; of
*(b)* in 'n tydelike hoedanigheid in enige vakature in die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, vir sodanige tydperk soos die Minister kan vasstel.

(4) 'n Lid van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad is 'n deeltydse lid en beklee die amp vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar en is by verstryking van daardie termyn, heraanstelbaar vir nie meer nie as een bykomende termyn.

**Onbevoegdheid en ontheffing van Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**18.** (1) 'n Persoon kan nie as 'n lid van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad aangestel word nie as hy of sy—

*(a)* nie 'n Suid-Afrikaanse burger of 'n permanente inwoner van die Republiek is nie;
*(b)* 'n lid van die Parlement, enige provinsiale wetgewer of enige munisipale raad is nie;
*(c)* 'n ampsdraer of werknemer van enige party, beweging of organisasie van 'n partypolitieke aard is nie;
*(d)* 'n ongerehabiliteerde insolvent is nie;
*(e)* deur 'n hof geestesongesteld of geestesversteurd verklaar is;
*(f)* te eniger tyd, hetsy in die Republiek of elders, skuldig bevind is aan—
   (i) diefstal, bedrog, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste dokument, meineed, 'n misdryf kragtens die Wet op die Voorkoming van Korrupsie, 1958 (Wet No. 6 van 1958), die Wet op Korrupsie, 1992 (Wet No. 94 van 1992), Deel 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit met die bogenoemde misdrywe verband hou) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), of enige ander misdryf wat oneerlikheid behels; of
   (ii) 'n misdryf kragtens hierdie Wet;
*(g)* gevonnis is, na die inwerkingtreding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, tot 'n tydperk van gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete; of
*(h)* te eniger tyd weens wangedrag uit 'n vertrouensamp onthef is.

(2) 'n Lid van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan deur die Minister uit die amp onthef word—

*(a)* weens afwesigheid van drie opeenvolgende vergaderings van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad sonder die toestemming van die Voorsitter van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad en sonder 'n goeie rede;
*(b)* indien sodanige lid onbevoeg word soos in subartikel (1) beoog;
*(c)* indien sodanige lid herhaaldelik versuim om die ampspligte effektief te verrig;
*(d)* indien, weens enige fisieke of verstandelike of enige ander oorsaak, sodanige lid nie meer die werksaamhede van daardie amp kan verrig nie of dit ondoeltreffend verrig; of
*(e)* vir wangedrag.

(3) A member must vacate his or her office immediately if he or she—

*(a)* is convicted—

(i) whether in the Republic or elsewhere of murder, robbery, theft, fraud, forgery or uttering a forged document, perjury or any offence involving dishonesty; or

(ii) of any offence in terms of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), the Companies Act, 2008 (Act No. 71 of 2008), the Prevention of Organised Crime Act, 1998 (Act No. 121 of 1998), the Public Finance Management Act or of contravening this Act;

*(b)* is convicted of an offence during his or her term of office and sentenced to a period of imprisonment without the option of a fine; or

*(c)* becomes a political office bearer.

**Performance agreement between Minister and Aviation Safety Investigation Board**

**19.** (1) The Minister and the Aviation Safety Investigation Board must enter into an agreement about the performance of the Aviation Safety Investigation Board's functions in terms of this Act.

(2) The agreement contemplated in subsection (1) must be in writing and relate to—

*(a)* the Minister's requirements in respect of the Aviation Safety Investigation Board's scope of business, efficiency and achievement of objectives; and

*(b)* any other matter relating to the performance of the Aviation Safety Investigation Board's functions under this Act.

(3) The Minister and the Aviation Safety Investigation Board may, in writing, amend the performance agreement when necessary.

**Remuneration, fees and expenses of members of Aviation Safety Investigation Board**

**20.** (1) Subject to subsection (3), the members of the Aviation Safety Investigation Board must be paid the remuneration and other allowances that are determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

(2) The members of the Aviation Safety Investigation Board are entitled to be paid reasonable travel and living expenses incurred by them in the course of their duties as may be prescribed from time to time.

(3) An appointed member who is in the full-time service of the State or any State-owned institution is not, in respect of the duties performed by him or her as a member of the Aviation Safety Investigation Board, paid any—

*(a)* remuneration in addition to his or her remuneration; or

*(b)* allowance in respect of subsistence and travel at a rate higher than that applicable to him or her as an employee of the State or such State-owned institution.

**Meetings of Aviation Safety Investigation Board**

**21.** (1) The Aviation Safety Investigation Board must meet at such times and place as may be determined by the Chairperson from time to time for the purpose of managing aircraft accident and incident investigation matters.

(2) The Chairperson convenes meetings of the Aviation Safety Investigation Board whenever the work of the Aviation Safety Investigation Board so requires or whenever the Chairperson is requested in writing to do so by two or more other members of the Aviation Safety Investigation Board.

(3) In the event of the absence or incapacity of the Chairperson, the members present must elect one member to preside at the relevant meeting.

(4) At any given time, the majority of members of the Aviation Safety Investigation Board form a quorum.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(3) 'n Lid moet sy of haar amp onmiddellik ontruim as hy of sy—

*(a)* skuldig bevind word aan—

(i) hetsy in die Republiek of elders, moord, roof, diefstal, bedrog, uitgifte van 'n vervalste dokument, meineed of enige misdryf wat oneerlikheid behels; of

(ii) enige misdryf ingevolge die die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998 (Wet No. 121 van 1998), die Wet op Openbare Finansiële Bestuur of 'n oortreding ingevolge hierdie Wet;

*(b)* tydens sy of haar ampstermyn aan 'n misdryf skuldig bevind en tot gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete gevonnis word; of

*(c)* koste ampsdraer word.

**Prestasieooreenkoms tussen Minister en Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**19.** (1) Die Minister en die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet 'n ooreenkoms aangaan oor die verrigting van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad se werksaamhede ingevolge hierdie Wet.

(2) Die ooreenkoms in subartikel (1) beoog, moet skriftelik wees en verband hou met—

*(a)* die Minister se vereistes ten opsigte van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad se sakeomvang, doeltreffendheid en bereiking van oogmerke; en

*(b)* enige ander aangeleentheid wat met die verrigting van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad se werksaamhede kragtens hierdie Wet verband hou.

(3) Die Minister en die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan, skriftelik, die prestasieooreenkoms wysig, wanneer nodig.

**Besoldiging, gelde en uitgawes van lede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**20.** (1) Behoudens subartikel (3), moet die lede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad vergoeding en ander toelaes betaal wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

(2) Die lede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad is geregtig op redelike reis- en lewenskoste wat hulle in die uitvoering van hulle pligte aangaan, soos van tyd tot tyd voorgeskryf.

(3) 'n Aangestelde lid wat in die voltydse diens van die Staat of enige instelling in Staatsbesit is, ontvang nie, ten opsigte van dienste deur hom of haar as 'n lid van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad verrig—

*(a)* besoldiging bykomend tot sy of haar besoldiging; of

*(b)* 'n bestaans- en reistoelaag teen 'n koers hoër as dit wat op hom of haar van toepassing is as 'n werknemer van die Staat of sodanige instelling in Staatsbesit.

**Vergaderings van Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**21.** (1) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet op sodanige tye en plek vergader soos van tyd tot tyd deur die Voorsitter bepaal met die doel om aangeleenthede betreffende lugvaartuigongeluk en -insidente te bestuur.

(2) Die Voorsitter roep vergaderings van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad byeen wanneer die werk van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad dit ook al vereis of wanneer die Voorsitter skriftelik deur twee of meer ander lede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad gevra word om dit te doen.

(3) In die geval van die afwesigheid of onbevoegdheid van die Voorsitter, moet die teenwoordige lede 'n lid verkies om oor die betrokke vergadering voor te sit.

(4) Op enige gegewe tyd vorm die meerderheid van lede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad 'n kworum.

**Administration**

**22.** All administrative work as well as secretarial functions in connection with the meetings of the Aviation Safety Investigation Board shall be carried out by employees designated by the Director-General for such purpose.

**Public Finance Management Act binds Aviation Safety Investigation Board**

**23.** The activities of the Aviation Safety Investigation Board must be performed in compliance with the provisions of the Public Finance Management Act.

**Expenditure in connection with execution of functions and objects of Aviation Safety Investigation Board**

**24.** The expenditure in connection with the execution of the functions of the Aviation Safety Investigation Board must be paid out of—

*(a)* money appropriated by Parliament for such purpose;

*(b)* levies imposed by, or under, a separate legislation; or

*(c)* charges for any service rendered.

**Conflict of interest**

**25.** (1) A member of the Aviation Safety Investigation Board must recuse himself or herself from discussions relating to a matter in which he or she or his or her spouse, immediate family member, life partner or business associate, has a financial interest or an interest which might preclude him or her from exercising or performing his or her power, duties or functions in an objective manner.

(2) A member of the Aviation Safety Investigation Board may not hold any direct or indirect financial interest in any civil aviation activity or the civil aviation industry without prior approval of the Minister.

(3) During the term of office of a member, in addition to the prohibitions described in this section, a member of the Aviation Safety Investigation Board must not carry on any activity inconsistent with the performance of the member's duties under this Act.

**Agreements between Aviation Safety Investigation Board and Commissioner**

**26.** (1) The Aviation Safety Investigation Board and the Commissioner must enter into agreements with regard to—

*(a)* the designation and reporting lines of an Executive responsible for Aircraft Accident and Incident investigation;

*(b)* the provision of investigators to the Aviation Safety Investigation Board for purposes of investigation of any aircraft accidents or incidents; and

*(c)* any other matter relating or incidental to the investigation of aircraft accidents and incidents by the Aviation Safety Investigation Board.

(2) When entering into such agreements the parties must avoid any conflict of interest.

(3) A copy of such agreement and any amendment thereto, must be filed with the Director-General within 30 days of conclusion.

**Administrasie**

**22.** Alle administratiewe werk asook sekretariële werksaamhede rakende die vergaderings van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad word uitgevoer deur werknemers deur die Direkteur-generaal vir daardie doel aangewys.

**Wet op Openbare Finansiële Bestuur bind Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**23.** Die aktiwiteite van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet ter voldoening aan die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur verrig word.

**Uitgawes rakende uitvoering van werksaamhede en oogmerke van Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**24.** Die uitgawes in verband met die uitvoering van die werksaamhede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet betaal word uit—

*(a)* geld vir dié doel deur die Parlement bewillig;

*(b)* heffings opgelê deur, of kragtens, 'n aparte wetsbepaling; of

*(c)* koste vir enige diens gelewer.

**Botsing van belange**

**25.** (1) 'n Lid van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet homself of haarself verskoon uit besprekings oor 'n aangeleentheid waarby hy of sy of sy of haar gade, nabye familielid, lewensmaat of besigheidassosiaat, 'n finansiële belang of 'n belang het wat hom of haar daarvan kan weerhou om sy of haar bevoegdheid, pligte of werksaamhede op 'n objektiewe wyse uit te oefen of te verrig.

(2) 'n Lid van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan nie sonder vooraftoestemming van die Minister enige direkte of indirekte finansiële belang in enige burgerlike lugvaartaktiwiteit of die burgerlike lugvaartindustrie hê nie.

(3) Tydens 'n lid se ampstermyn, benewens die verbiedinge in hierdie artikel beskryf, moet 'n lid van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad nie met enige aktiwiteit besig wees wat onbestaanbaar is met die verrigting van die lid se pligte kragtens hierdie Wet nie.

**Ooreenkomste tussen Lugvaartveiligheidsondersoekraad en Kommissaris**

**26.** (1) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad en die Kommissaris moet ooreenkomste aangaan oor—

*(a)* die aanwysings- en rapporteringslyne van 'n Uitvoerende Beampte verantwoordelik vir die ondersoek van lugvaartuigongelukke en -insidente;

*(b)* die voorsiening van ondersoekers aan die Lugvaartveiligheidsondersoekraad vir die doeleindes van die ondersoek van enige lugvaartuigongelukke of -insidente; en

*(c)* enige ander aangeleentheid aangaande of bykomend tot die ondersoek van lugvaartuigongelukke en -insidente deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad.

(2) Partye moet belangebotsings vermy by die aangaan van sodanige ooreenkomste.

(3) 'n Afskrif van sodanige ooreenkoms en enige wysiging daarvan, moet binne 30 dae nadat dit aangegaan is, by die Direkteur-generaal ingedien word.

**Agreements between Aviation Safety Investigation Board and other departments or entities**

**27.** (1) The Aviation Safety Investigation Board must make all efforts to enter into agreements with departments or entities—

*(a)* providing for the coordination of activities between the Aviation Safety Investigation Board and departments with respect to aircraft accidents and incidents, including investigation procedures and practices and requirements for reporting aircraft accidents and incidents; and

*(b)* providing for procedures to be followed in the event that conflicting interests arise between the Aviation Safety Investigation Board and a department during their activities with regard to aircraft accidents and incidents.

(2) The Aviation Safety Investigation Board must ensure that a copy of such agreements and any amendment thereto is provided to the Director-General within 30 days of conclusion.

**Independence and impartiality of Aviation Safety Investigation Board and Investigators**

**28.** (1) A member of the Aviation Safety Investigation Board, investigator and accredited representative, expert and adviser must serve impartially and independently and exercise, carry out and perform his or her powers, duties and functions in good faith and without fear, favour, bias or prejudice, subject only to this Act and the Convention.

(2) The Aviation Safety Investigation Board must function without any political or commercial interference.

(3) A member of the Aviation Safety Investigation Board, investigator, accredited representative, expert or adviser may not conduct an investigation in terms of this Act or render assistance with regard to a matter in which he or she has pecuniary or other interest which might preclude him or her from exercising his or her powers or from carrying out or performing duties and functions in a fair, unbiased and proper manner.

(4) If any member of the Aviation Safety Investigation Board, investigator, accredited representative, expert or adviser of the Aviation Safety Investigation Board fails to disclose an interest contemplated in subsection (3), the Aviation Safety Investigation Board may take such steps as it considers necessary to ensure a fair, unbiased and proper investigation.

(5) A person designated by the Aviation Safety Investigation Board to investigate aircraft accidents and incidents in terms of this Act shall, for that purpose, report exclusively to the Aviation Safety Investigation Board through an Executive designated for that purpose.

*Part 3*

## FUNCTIONS AND POWERS OF AVIATION SAFETY INVESTIGATION BOARD

**Functions of Aviation Safety Investigation Board**

**29.** (1) The functions of the Aviation Safety Investigation Board are to—

*(a)* take steps to achieve the objects contemplated in section 11 of this Act;

*(b)* oversee the investigation of aircraft accidents and incidents in compliance with Annex 13;

**Ooreenkomste tussen Lugvaartveiligheidsondersoekraad en ander departemente of entiteite**

**27.** (1) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet moeite doen om ooreenkomste aan te gaan met departemente of entiteite—

*(a)* wat voorsiening maak vir die koördinasie van aktiwiteite tussen die Lugvaartveiligheidsondersoekraad en departemente ten opsigte van lugvaartuigongelukke en -insidente, met inbegrip van ondersoekprosedures en praktyke en vereistes vir die rapportering van lugvaartuigongelukke en -insidente; en

*(b)* wat voorsiening maak vir prosedures wat gevolg moet word indien botsende belange ontstaan tussen die Lugvaartveiligheidsondersoekraad en ’n departement deur die loop van hulle aktiwiteite aangaande lugvaartuigongelukke en -insidente.

(2) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet verseker dat ’n afskrif van sodanige ooreenkomste en wysigings daarvan binne 30 dae vanaf sluiting daarvan aan die Direkteur-generaal voorsien word.

**Onafhanklikheid en onpartydigheid van Lugvaartveiligheidsondersoekraad en Ondersoekers**

**28.** (1) ’n Lid van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, ondersoeker en geakkrediteerde verteenwoordiger, deskundige en adviseur moet onpartydig en onafhanklik dien en sy of haar bevoegdhede, pligte en werksaamhede te goeder trou en sonder vrees, guns, vooroordeel of benadeling uitoefen, uitvoer en verrig, slegs onderhewig aan hierdie Wet en die Konvensie.

(2) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet sonder enige politieke of kommersiële inmenging funksioneer.

(3) ’n Lid van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, ondersoeker, geakkrediteerde verteenwoordiger, deskundige of adviseur mag nie ’n ondersoek ingevolge hierdie Wet voer of bystand verleen betreffende ’n aangeleentheid waarin hy of sy ’n geldelike of ander belang het wat hom of haar daarvan kan weerhou om sy of haar bevoegdhede uit te oefen of om pligte en werksaamhede uit te voer of te verrig op ’n billike, onbevooroordeelde en behoorlike wyse.

(4) Indien enige lid van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, ondersoeker, geakkrediteerde verteenwoordiger, deskundige of adviseur van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad versuim om ’n belang in subartikel (3) beoog, openbaar te maak, kan die Lugvaartveiligheidsondersoekraad sodanige stappe doen soos die Lugvaartveiligheidsondersoekraad nodig ag om ’n regverdige, onbevooroordeelde en behoorlike ondersoek te verseker.

(5) ’n Persoon deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad aangewys om lugvaartuigongelukke en -insidente ingevolge hierdie Wet te ondersoek moet, vir daardie doel, uitsluitlik aan die Lugvaartveiligheidsondersoekraad rapporteer deur ’n uitvoerende beampte wat vir daardie doel aangewys is.

***Deel 3***

**WERKSAAMHEDE EN BEVOEGDHEDE VAN LUGVAARTVEILIGHEIDSONDERSOEKRAAD**

**Werksaamhede van Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**29.** (1) Die werksaamhede van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad is om—

*(a)* stappe te doen om die oogmerke beoog in artikel 11 van hierdie Wet te bereik;

*(b)* toesig te hou oor die ondersoek van lugvaartuigongelukke en -insidente ooreenkomstig Aanhangsel 13;

(c) advise any authority or Contracting State, State of Registry, State of the Operator, State of Design and State of Manufacture with regard to any safety recommendation or safety matter emanating from any investigation;
(d) oversee the performance of the functions, and of the activities, of the persons appointed or designated by it to perform the work of the Aviation Safety Investigation Board;
(e) submit a final report to all recipient States in compliance with Chapter 6 of Annex 13 concerning any aircraft accident or incident investigated by the Aviation Safety Investigation Board; and
(f) monitor the implementation of safety recommendations issued by a Contracting State.

**Powers of Aviation Safety Investigation Board**

**30.** (1) The Aviation Safety Investigation Board may do all that is necessary or expedient to perform its functions effectively, which includes the power to—
(a) obtain, by agreement, the services of any person, including any organ of State, for the performance of any specific act or function;
(b) investigate aircraft accidents and incidents;
(c) determine categories of aircraft accidents and incidents that shall be investigated by the Aviation Safety Investigation Board;
(d) delegate the investigation of any aircraft accident or incident to any other Contracting State, in accordance with Annex 13;
(e) collect and disseminate relevant information;
(f) reopen any investigation in compliance with Annex 13;
(g) establish an aircraft accident and incident reporting system in compliance with Annex 13 to facilitate the collection of information on actual or potential safety deficiencies;
(h) upon request, conduct investigations on behalf of other Contracting States;
(i) perform legal acts, including acts in association with, or on behalf of, any other person or organ of State;
(j) institute or defend any legal action; and
(k) do anything that is incidental to the exercise of any of its powers.

(2) If the accident occurred within the Republic, the Aviation Safety Investigation Board has the power to—
(a) summon and examine witnesses under oath or affirmation and to call for the production and inspection of books, logs, certificates, licences, medical records and other documents, and may grant inspection thereof; and
(b) summon any person to give evidence before it, or to produce any official document or such other information or object as may be necessary for the performance of the Aviation Safety Investigation Board's functions.

(3) The Aviation Safety Investigation Board must determine the procedures in relation to the conduct of its meetings.

(4) The Aviation Safety Investigation Board may determine procedures in relation to the reporting and investigation of aircraft accidents and incidents, including the participation of accredited representatives, advisers, experts and observers, in compliance with Annex 13.

(5) The Aviation Safety Investigation Board may authorise any of its members or investigators to act as the Aviation Safety Investigation Board's accredited representative where the Republic is not the State of Occurrence, and such accredited representative may be accompanied by advisers and experts as the Aviation Safety Investigation Board may consider necessary.

*(c)* enige owerheid of Kontrakterende Staat, Staat van Registrasie, Staat van die operateur, Staat van ontwerp en Staat van vervaardiging van raad te bedien aangaande enige veiligheidsaanbeveling of veiligheidsaangeleentheid wat uit enige ondersoek voortspruit;

*(d)* toesig te hou oor die verrigting van die werksaamhede, en van die aktiwiteite, van die persone daardeur aangestel om die werk van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad te verrig;

*(e)* 'n finale verslag aan alle ontvangerstate voor te lê ter voldoening aan Hoofstuk 6 van Aanhangsel 13 aangaande enige lugvaartuigongeluk of -insident wat deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad ondersoek is; en

*(f)* die inwerkingstelling van veiligheidsaanbevelings deur 'n Kontrakterende Staat uitgereik, te monitor.

**Bevoegdhede van Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**30.** (1) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan alles doen wat nodig of geleë is om hulle werksaamhede doeltreffend te verrig, wat die bevoegdheid insluit om—

*(a)* by ooreenkoms, die dienste te verkry van enige persoon, met inbegrip van enige staatsorgaan, vir die verrigting van enige spesifieke handeling of werksaamheid;

*(b)* lugvaartuigongelukke en -insidente te ondersoek;

*(c)* kategorieë van lugvaartuigongelukke en -insidente te bepaal wat deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad ondersoek word;

*(d)* die ondersoek van enige lugvaartuigongeluk of -insident aan enige ander Kontrakterende Staat te delegeer, ooreenkomstig Aanhangsel 13;

*(e)* tersaaklike inligting in te samel en te versprei;

*(f)* enige ondersoek ooreenkomstig Aanhangsel 13 te heropen;

*(g)* 'n lugvaartuigongeluk en -insidentrapporteringstelsel in te stel ooreenkomstig Aanhangsel 13 om die insameling van inligting oor werklike of potensiële veiligheidstekortkominge te fasiliteer;

*(h)* op versoek, ondersoeke namens ander Kontrakterende State te voer;

*(i)* regshandelinge te verrig, met inbegrip van handelinge in assosiasie met, of namens, enige ander persoon of Staatsorgaan;

*(j)* enige regsaksie in te stel of te verdedig; en

*(k)* enigiets te doen wat insidenteel is tot die uitoefening van enige van hulle bevoegdhede.

(2) Indien die ongeluk binne die Republiek gebeur het, het die Lugvaartveiligheidsondersoekraad die bevoegdheid om—

*(a)* getuies onder eed of plegtige verklaring te dagvaar en om te vra vir die voorlegging van en insae in boeke, logs, sertifikate, lisensies, mediese rekords en ander dokumente, en kan insae daarin toestaan; en

*(b)* enige persoon te dagvaar om voor hulle getuienis af te lê, of om enige amptelike dokument of sodanige ander inligting of voorwerp voor te lê soos nodig mag wees vir die verrigting van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad se werksaamhede.

(3) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet die prosedures in verband met die voer van hul vergaderings bepaal.

(4) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan prosedures vasstel in verband met die rapportering en ondersoek van lugvaartuigongelukke en -insidente, met inbegrip van die deelname van geakkrediteerde verteenwoordigers, adviseurs, kundiges en waarnemers, ter voldoening aan Aanhangsel 13.

(5) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan enige van hul lede of ondersoekers magtig om as die Lugvaartveiligheidsondersoekraad se geakkrediteerde verteenwoordigers op te tree waar die Republiek nie die Staat van voorkoms is nie, en sodanige geakkrediteerde verteenwoordiger kan deur adviseurs en deskundiges vergesel word wat die Lugvaartveiligheidsondersoekraad nodig mag ag.

(6) The Aviation Safety Investigation Board may authorise any of its members to act on its behalf in any matter.

**Annual report**

**31.** (1) The Aviation Safety Investigation Board must, as soon as practicable after 31 March of each year, but not later than 31 December of that year, submit to the Minister a report giving particulars regarding the activities of the Aviation Safety Investigation Board during the year which ended on the first mentioned date.

(2) The Minister must cause copies of the report submitted under subsection (1) to be tabled in Parliament within 30 days of receipt of that report, if Parliament is not in session, within 30 days of the ensuing session.

**Delegation of powers**

**32.** (1) The Aviation Safety Investigation Board may delegate to any competent person, subject to any limitations specified in the instrument of delegation, any of the powers conferred or duties imposed on the Aviation Safety Investigation Board under this Act, other than the power—

*(a)* of delegation under this subsection;
*(b)* to make rules and determine procedures; and
*(c)* to make recommendations.

(2) The Aviation Safety Investigation Board may revoke a delegation made under this section in writing at any time, subject to any rights that may have accrued to any person.

**Designation and powers of investigators**

**33.** (1) The Aviation Safety Investigation Board may designate an investigator in charge and any number of investigators to investigate any aircraft accident or aircraft incident in the Republic.

(2) An investigator designated in terms of subsection (1) has authority to—

*(a)* have unrestricted access to, and control over, an aircraft which has been involved in an accident or incident, the wreck or wreckage, the place where the aircraft, the wreck or wreckage is located and the places where marks resulting from the aircraft accident or incident which may be of assistance in an investigation, are located;
*(b)* preserve an aircraft which has been involved in an accident or incident or the wreck or wreckage, any remains and any marks resulting from the aircraft accident or incident which may be of assistance in the investigation, by any means available, including photographic means;
*(c)* examine an aircraft involved in an accident or incident, the wreck or wreckage, any part or component thereof or any item transported therein or any marks resulting from the aircraft accident or incident which may be of assistance in the investigation, and to remove any such aircraft, wreck or wreckage, or any part or component thereof or any item transported therein for the purpose of the investigation or for an inquiry in terms of section 69 or 70;
*(d)* compile reports in connection with the investigation;
*(e)* have unrestricted access to all documents, including relevant medical records, books, notes, photographs, recordings and transcripts which the investigator-in-charge may consider necessary for the investigation and which must be produced without delay by the possessor thereof when so requested;
*(f)* obtain information and take statements from any person, which statement may be necessary for the investigation;

(6) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan enige van hul lede magtig om in enige aangeleentheid namens die Lugvaartveiligheidsondersoekraad te handel.

**Jaarverslag**

**31.** (1) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet, so gou as prakties moontlik ná 31 Maart van elke jaar, maar nie later nie as 31 Desember van daardie jaar, 'n verslag aan die Minister voorlê waarin besonderhede oor die aktiwiteite van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad tydens die jaar wat op die eerste vermelde datum geëindig het, gegee word.

(2) Die Minister moet afskrifte van die verslag wat kragtens subartikel (1) voorgelê is, in die Parlement ter tafel laat lê binne 30 dae vanaf ontvangs van daardie verslag, indien die Parlement nie in sessie is nie, binne 30 dae van die volgende sessie.

**Delegering van bevoegdhede**

**32.** (1) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan aan enige bevoegde persoon, behoudens enige beperkings in die instrument van delegering gespesifiseer, enige van die bevoegdhede toegewys aan of pligte opgelê op die Lugvaartveiligheidsraad kragtens hierdie Wet delegeer, behalwe die bevoegdheid—

*(a)* van delegering kragtens hierdie subartikel;

*(b)* om reëls te maak en prosedures te bepaal; en

*(c)* om aanbevelings te doen.

(2) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan 'n delegering kragtens hierdie artikel gemaak enige tyd skriftelik terugtrek, behoudens enige regte wat aan enige persoon toegeval het.

**Aanwysing en bevoegdhede van ondersoekers**

**33.** (1) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan 'n ondersoeker in beheer en enige getal ondersoekers aanwys om enige lugvaartuigongeluk of lugvaartuiginsident in die Republiek te ondersoek.

(2) 'n Ondersoeker ingevolge subartikel (1) aangewys, het magtiging om—

*(a)* onbeperkte toegang te hê tot, en beheer te hê oor, 'n lugvaartuig wat in 'n ongeluk of insident betrokke was, die wrak of wrakstukke, die plek waar die lugvaartuig, die wrak of wrakstukke geleë is en die plekke waar merke wat deur die lugvaartuigongeluk of -insident veroorsaak is wat met die ondersoek kan help, geleë is;

*(b)* 'n lugvaartuig wat in 'n ongeluk of insident betrokke was of die wrak of wrakstukke, enige oorskot en enige merke wat in die lugvaartuigongeluk of -insident gevorm is wat in die ondersoek kan help, op enige beskikbare wyse te preserveer, met inbegrip van fotografiese middele;

*(c)* 'n lugvaartuig ondersoek wat in 'n ongeluk of insident betrokke was, die wrak of wrakstukke, enige deel of komponent daarvan of enige item wat daarin vervoer is of enige merke wat in die lugvaartuigongeluk of -insident gemaak is wat in die ondersoek kan help, en om enige sodanige lugvaartuig, wrak of wrakstukke, of enige deel of komponent daarvan of enige item wat daarin vervoer is, te verwyder vir die doel van die ondersoek of vir 'n ondersoek ingevolge artikel 69 of 70;

*(d)* verslae in verband met die ondersoek op te stel;

*(e)* onbeperkte toegang te hê tot alle dokumente, met inbegrip van tersaaklike mediese rekords, boeke, notas, foto's, opnames en transkripsies wat die ondersoeker-in-beheer nodig mag ag vir die ondersoek en wat onverwyld deur die besitter daarvan voorgelê moet word wanneer aldus versoek;

*(f)* inligting te verkry en verklarings af te neem van enige persoon, welke verklaring noodsaaklik vir die ondersoek kan wees;

*(g)* have unrestricted access to, and control over, all relevant evidence, including flight recorders and air traffic service recordings;

*(h)* summon and examine witnesses under oath and call for the production, and grant inspection, of books, logs, certificates, licences and other documents, including medical information and records, and summon any person to give evidence before it or to produce any official document or such other information or object as may be necessary for the performance of the Aviation Safety Investigation Board's functions; and

*(i)* regulate, prohibit and control any access to the scene of any aircraft accident or incident.

(3) An investigator who is investigating an aircraft accident or incident may—

*(a)* where the investigator believes on reasonable grounds that a person is in possession of information relevant to that investigation—

(i) by notice in writing signed by the investigator, require the person to produce the information to the investigator or to appear before the investigator and give a statement referred to in subsection (2)*(f)* under oath or solemn affirmation if required by the investigator; and

(ii) make such copies of, or take such extracts from, the information as the investigator considers necessary for the purposes of the investigation;

*(b)* where the investigator believes on reasonable grounds that the medical examination of a person who is directly or indirectly involved in the operation of an aircraft, or may be relevant to the investigation, by notice in writing signed by the investigator, require the person to submit to a medical examination;

*(c)* where the investigator believes on reasonable grounds that a physician or other health practitioner has information concerning a patient that is relevant to that investigation, by notice in writing signed by the investigator, require the physician or practitioner, if so authorised by the patient of such physician or practitioner, to provide that information to the investigator; or

*(d)* where the investigator believes on reasonable grounds that the performance of an autopsy on the body of a deceased person, or the carrying out of other medical examinations of human remains, is or may be relevant to the conduct of the investigation, cause such an autopsy or medical examination to be performed and, for that purpose, by notice in writing signed by the investigator, require the person having custody of the body of the deceased person or other human remains, to permit the performance of that autopsy or that medical examination.

(4) The requirement under subsection (3) that a person submit to a medical examination shall not be construed as a requirement that the person submit to any procedure involving surgery, perforation of the skin or any external tissue or the entry into the body of any drug or foreign substance.

(5) Where an investigator has required a person to do something under subsection (3)*(a)*, *(b)*, *(c)* or *(d)* and the person has refused to do as required, the investigator may make an application to a court of competent jurisdiction, setting out the facts, and the court may inquire into the matter and, after giving the person an opportunity to comply with the requirement, take steps for the punishment of the person as if the person had been guilty of contempt of the court, or may make such other order as it finds appropriate.

**Search and seizure by appointed investigators**

**34.** (1) In the execution of the authority contemplated in section 33, an investigator may search and seize any property or item, including medical records, recorders and air traffic service recordings of an aircraft accident or aircraft incident without a warrant.

*(g)* onbeperkte toegang tot, en beheer oor, alle tersaaklike getuienis te hê, met inbegrip van vlugopnemers en lugverkeerdiensopnames;

*(h)* getuies te dagvaar en onder eed te ondervra en aan te sê dat boeke, logboeke, sertifikate, lisensies en ander dokumente, met inbegrip van mediese inligting en rekords, oorgelê word, en insae toegestaan word, en enige persoon dagvaar om getuienis voor hulle te gee of om enige amptelike dokument of sodanige ander inligting of voorwerp wat noodsaaklik kan wees vir die verrigting van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad se werksaamhede, voor te lê; en

*(i)* enige toegang tot die toneel van enige lugvaartuigongeluk of -insident te reguleer, te verbied en te beheer.

(3) 'n Ondersoeker wat 'n lugvaartuigongeluk of -insident ondersoek kan—

*(a)* waar die ondersoeker op redelike gronde glo dat 'n persoon in besit is van inligting wat relevant is tot daardie ondersoek—

(i) by skriftelike kennisgewing deur die ondersoeker onderteken, vereis dat die persoon die inligting aan die ondersoeker voorlê of voor die ondersoeker verskyn en 'n verklaring in subartikel (2)*(f)* bedoel onder eed of plegtige bevestiging gee indien die ondersoeker dit vereis; en

(ii) sodanige afskrifte te maak van, of sodanige uittreksels te neem uit, die inligting soos die ondersoeker nodig ag vir die doeleindes van die ondersoek;

*(b)* waar die ondersoeker op redelike gronde glo dat die mediese ondersoek van 'n persoon wat direk of indirek betrokke is by die bedryf van 'n lugvaartuig, of relevant kan wees tot die ondersoek, by skriftelike kennisgewing deur die ondersoeker onderteken, vereis dat die persoon aan 'n mediese ondersoek onderwerp word;

*(c)* waar die ondersoeker op redelike gronde glo dat 'n dokter of ander gesondheidspraktisyn inligting het oor 'n pasiënt wat relevant tot daardie ondersoek is, by skriftelike kennisgewing deur die ondersoeker onderteken, vereis dat die dokter of praktisyn indien aldus deur die pasiënt of praktisyn gemagtig, daardie inligting aan die ondersoeker voorsien; of

*(d)* waar die ondersoeker op redelike gronde glo dat die verrigting van 'n nadoodse ondersoek op die liggaam van die oorledene, of die doen van ander mediese ondersoeke op menslike oorskot, relevant is of kan wees tot die voer van die ondersoek, so 'n nadoodse ondersoek of mediese ondersoek laat doen en, vir daardie doel, by skriftelike kennisgewing deur die ondersoeker onderteken, vereis dat die persoon wat bewaring van die liggaam van die oorledene of ander menslike oorskot het, die verrigting van daardie nadoodse ondersoek of daardie mediese ondersoek toelaat.

(4) Die vereiste kragtens subartikel (3) dat 'n persoon aan 'n mediese ondersoek onderwerp word, word nie geag 'n vereiste te wees dat die persoon onderwerp word aan enige prosedure wat sjirurgie, perforasie van die vel of enige eksterne weefsel of die binnegaan in die liggaam van enige dwelm of vreemde stof onderwerp word nie.

(5) Waar 'n ondersoeker vereis het dat 'n persoon iets kragtens subartikel (3)*(a)* , *(b)* , *(c)* of *(d)* doen en die persoon het geweier om te doen wat vereis is, kan die ondersoeker aansoek by 'n hof met regsbevoegdheid doen, waarin die feite uiteengesit word, dat die hof ondersoek na die aangeleentheid kan instel en, nadat die persoon 'n geleentheid gegun is om aan die vereiste te voldoen, stappe te doen om die persoon te straf asof die persoon skuldig was aan minagting van die hof, of enige sodanige ander bevel gee wat die hof goedvind.

**Deursoeking en beslaglegging deur aangestelde ondersoekers**

**34.** (1) In die uitvoering van die magtiging in artikel 33 beoog, kan 'n ondersoeker enige eiendom of item, met inbegrip van mediese rekords, opnemers en lugverkeerdiensopnames van 'n lugvaartuigongeluk of lugvaartuiginsident, sonder 'n lasbrief deursoek en daarop beslag lê.

(2) An investigator in respect of this Act is considered to have been appointed as a peace officer by the Minister responsible for justice in terms of section 334 of the Criminal Procedure Act for the Republic, and for the purpose of exercising the powers contemplated in sections 40, 41, 44, 45, 46, 47, 48, 49 and 56 of the Criminal Procedure Act.

(3) In the execution of the authority contemplated in section 33, an investigator may without a warrant, search and seize any property or item including medical records, recorders and air traffic service recordings of an aircraft accident or aircraft incident—

*(a)* if the person concerned consents to the search for, and the seizure of, the property or item, including medical records, recorders and air traffic service recordings of an aircraft accident or aircraft incident in question, or if the person who may consent to the search of the premises consents to such search and the seizure of the property or item, including medical records, recorders and air traffic service recordings of an aircraft accident articles in question; or

*(b)* if he or she on reasonable grounds believes—

(i) that a search warrant shall be issued to him or her if he or she applies for such warrant; and

(ii) that the delay in obtaining such warrant would defeat the object of the search without a warrant.

(4) An investigator may use the powers in terms of this section only to serve the purposes of this Act and matters incidental thereto, and must take the necessary steps to secure the safekeeping of the property or items seized.

(5) Before acting under this section, an investigator must, on request, produce the investigator's certificate of appointment issued by the Aviation Safety Investigation Board.

**Power to test items seized**

**35.** (1) Where any item is seized by an investigator under section 34, the investigator—

*(a)* may, subject to paragraph *(b)*, cause such tests, including tests to destroy, to be conducted on the item as are necessary for the purposes of the investigation in respect of which the item was seized;

*(b)* must, to the extent that it is practical and safe to do so and does not unreasonably impede the progress of the investigation, take all reasonable measures to invite the owner of the item, and any person who appears on reasonable grounds to be entitled to it, to be present at any tests referred to in paragraph *(a)*; and

*(c)* subject to the need to conduct such tests, shall cause the item to be preserved pending its return in accordance with section 36.

(2) Nothing in this section must be taken—

*(a)* to imply that an item seized pursuant to subsection (1) may not be an aircraft or any part thereof; or

*(b)* to authorise the exercise of a power by an investigator in circumstances where the exercise of that power would be inconsistent with the objective of the investigation.

**Return of seized property**

**36.** (1) Any item seized pursuant to section 34, except on-board recordings as defined in section 47, must, unless—

*(a)* the owner thereof or a person who appears on reasonable grounds to be entitled to it consents in writing; or

*(b)* a court of competent jurisdiction orders otherwise,

be returned to that owner, person, or the person from whom it was seized, as soon as possible after it has served the purpose for which it was seized.

(2) 'n Ondersoeker ten opsigte van hierdie Wet word geag deur die Minister verantwoordelik vir justisie as 'n vredesbeampte vir die Republiek aangestel te wees ingevolge artikel 334 van die Strafproseswet, en met die doeleindes om die bevoegdhede beoog in artikels 40, 41, 44, 45, 46, 47, 48, 49 en 56 van die Strafproseswet uit te oefen.

(3) In die uitvoering van die magtiging in artikel 33 beoog, kan 'n ondersoeker enige eiendom of item, met inbegrip van mediese rekords, opnemers en lugverkeerdiensopnames van 'n lugvaartuigongeluk of lugvaartuiginsident sonder 'n lasbrief deursoek en daarop beslag lê—

*(a)* indien die betrokke persoon toestem tot die deursoeking van en beslaglegging op die eiendom of item, met inbegrip van mediese rekords, opnemers en lugverkeerdiensopnames van die betrokke lugvaartuigongeluk of lugvaartuiginsident, of indien die persoon wat mag toestem tot die deursoeking van die perseel toestem tot sodanige deursoeking van en beslaglegging op die eiendom of item, met inbegrip van mediese rekords, opnemers en lugverkeerdiensopnames van die betrokke lugvaartuigongelukartikels; of

*(b)* indien hy of sy op redelike gronde glo—

(i) dat 'n lasbrief vir deursoeking aan hom of haar uitgereik sal word as hy of sy om sodanige lasbrief aansoek doen; en

(ii) dat die vertraging in die verkryging van so 'n lasbrief die doel van die soektog sonder 'n lasbrief sal verydel.

(4) 'n Ondersoeker kan die bevoegdhede ingevolge hierdie artikel slegs gebruik om die doeleindes van hierdie Wet en aangeleenthede wat daarmee verband hou, te dien en moet die nodige stappe doen om te verseker dat die eiendom of items waarop beslag gelê is, veilig bewaar word.

(5) Voordat 'n ondersoeker kragtens hierdie artikel optree, moet 'n ondersoeker, op versoek, die ondersoeker se aanstellingsertifikaat voorlê wat deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad uitgereik is.

**Bevoegdheid om items waarop beslag gelê is, te toets**

**35.** (1) Waar die ondersoeker kragtens artikel 34 op enige item beslag lê—

*(a)* kan die ondersoeker, behoudens paragraaf *(b)*, sodanige toetse, met inbegrip van toetse om te vernietig, op die item laat doen soos nodig is vir die doeleindes van die ondersoek waarvoor op die item beslag gelê is;

*(b)* moet die ondersoeker, tot die mate wat dit prakties en veilig is om dit te doen en nie die vordering van die ondersoek onredelik belemmer nie, alles moontlik doen om die eienaar van die item, en enige persoon wat op redelike gronde daarop geregtig blyk te wees, uit te nooi om by enige toetse bedoel in paragraaf *(a)* teenwoordig te wees; en

*(c)* moet die ondersoeker, behoudens die nodigheid om sodanige toetse te doen, die item laat preserveer hangende die terugbesorging daarvan ooreenkomstig artikel 36.

(2) Niks in hierdie artikel moet geag word—

*(a)* te impliseer dat 'n item waarop ingevolge artikel (1) beslag gelê is, nie 'n lugvaartuig of enige deel daarvan mag wees nie; of

*(b)* die uitoefening van 'n bevoegdheid deur 'n ondersoeker in omstandighede waar die uitoefening van daardie bevoegdheid onbestaanbaar met die oogmerk van die ondersoek, te magtig nie.

**Terugbesorging van eiendom waarop beslag gelê is**

**36.** (1) Enige item waarop ingevolge artikel 34 beslag gelê is, behalwe aanboordopnames soos omskryf in artikel 47, moet, tensy—

*(a)* die eienaar daarvan of 'n persoon wat op redelike gronde blyk daarop geregtig te wees, skriftelik daarop toestem; of

*(b)* 'n hof met regsbevoegdheid anders gelas,

aan daardie eienaar, persoon, of die persoon van wie dit op beslag gelê is, terugbesorg word so gou as moontlik nadat dit die doel gedien het waarvoor daarop beslag gelê is.

(2) A person from whom any item was seized pursuant to section 34, except on-board recordings as defined in section 47, or the owner or any other person who appears on reasonable grounds to be entitled thereto, may apply to a court of competent jurisdiction for an order that the seized item be returned to the person making the application.

(3) Where, on an application under subsection (2), the court is satisfied that the seized item has served the purpose for which it was seized or should, in the interests of justice, be returned to the applicant, the court may grant the application and order the seized item to be returned to the applicant, subject to any terms or conditions that appear necessary or desirable to ensure that the item is safeguarded and preserved for any purpose for which it may subsequently be required by the Aviation Safety Investigation Board under this Act.

(4) This section does not apply in respect of any item seized and tested for destruction in accordance with section 35.

**Public inquiry**

**37.** (1) Where, in the course of an investigation of an aircraft accident or incident, the Aviation Safety Investigation Board considers it necessary that a public inquiry be conducted into the aircraft accident or incident, the Chairperson may designate a person or persons, who may be, or may include, the Chairperson, to conduct a public inquiry into that aircraft accident or incident in accordance with any rules made under section 63 and to report to the Aviation Safety Investigation Board thereon.

(2) Any person designated to conduct a public inquiry under this section has, and may exercise, the powers of a person appointed as an investigator, subject to any restrictions specified in the designation.

**Notification to department of aircraft accident or aircraft incident and investigation by department**

**38.** (1) Where a department is notified of an aircraft accident or incident in which such department has a direct interest and which the Aviation Safety Investigation Board has the power to investigate under this Act, that department must—

*(a)* forthwith provide the Aviation Safety Investigation Board with particulars of the aircraft accident or aircraft incident; and

*(b)* forthwith, after complying with paragraph *(a)*, advise the Aviation Safety Investigation Board of any investigation that the department plans to conduct and of any remedial measures that the department plans to take.

(2) An investigator authorised by the Aviation Safety Investigation Board may attend as an observer at an investigation conducted by the department referred to in subsection (1) or during the taking of remedial measures by that department following an aircraft accident or incident.

(3) Subject to any other Act of Parliament, the Aviation Safety Investigation Board must, on request, be provided with, and may review and comment on any, interim or final report prepared in respect of an investigation conducted by the department referred to in subsection (1)*(b)*.

(2) 'n Persoon van wie op enige item beslag gelê is ingevolge artikel 34, behalwe aanboordopnames soos omskryf in artikel 47, of die eienaar of enige ander persoon wat op redelike gronde daarop geregtig blyk te wees, kan by 'n hof met regsbevoegdheid aansoek doen om 'n bevel dat die item waarop beslag gelê is, terugbesorg word aan die persoon wat die aansoek doen.

(3) Waar die hof, by aansoek kragtens subartikel (2), oortuig is dat die item waarop beslag gelê is die doel gedien het waarvoor daarop beslag gelê is of dat dit, in die belang van geregtigheid, aan die aansoeker terugbesorg behoort te word, kan die hof die aansoek toestaan en gelas dat die item aan die aansoeker terugbesorg word, behoudens enige terme of voorwaardes wat nodig of dienstig blyk om te verseker dat die item veilig bewaar en gepreserveer word vir enige doel waarvoor die Lugvaartveiligheidsondersoekraad dit kragtens hierdie Wet daarna mag benodig.

(4) Hierdie artikel is nie van toepassing nie ten opsigte van enige items wat ooreenkomstig artikel 35 op beslag gelê en vir vernietiging getoets is nie.

**Openbare ondersoek**

**37.** (1) Waar, in die loop van 'n ondersoek na 'n lugvaartuigongeluk of -voorval, die Lugvaartveiligheidsondersoekraad dit nodig ag dat 'n openbare ondersoek na die lugvaartuigongeluk of -voorval gehou word, kan die Voorsitter 'n persoon of persone aanwys, wat die Voorsitter kan wees of kan insluit, om 'n openbare ondersoek in te stel na daardie lugvaartuigongeluk of -voorval ooreenkomstig enige reëls uitgevaardig ingevolge artikel 63 en om aan die Lugvaartveiligheidsondersoekraad daaroor verslag te doen.

(2) Enige persoon wat aangewys is om 'n openbare ondersoek ingevolge hierdie artikel in te stel, het die bevoegdhede van 'n persoon wat as 'n ondersoeker aangestel is en kan daardie bevoegdhede uitoefen, behoudens enige beperkings wat in die aanwysing vermeld word.

**Kennisgewing van departement van lugvaartuigongeluk of -voorval en ondersoek deur departement**

**38.** (1) Waar 'n departement in kennis gestel word van 'n lugvaartuigongeluk of -voorval waarby sodanige departement 'n regstreekse belang het en wat die Lugvaartveiligheidsondersoekraad die bevoegdheid het om ingevolge hierdie Wet te ondersoek, moet daardie departement—

*(a)* die Lugvaartveiligheidsondersoekraad sonder versuim voorsien van besonderhede van die lugvaartuigongeluk of -voorval; en

*(b)* die Lugvaartveiligheidsondersoekraad sonder versuim, na voldoening aan paragraaf *(a)*, in kennis stel van enige ondersoek wat die departement beoog om in te stel en van enige regstellende maatreëls wat die departement beoog om te tref.

(2) 'n Ondersoeker wat deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad gemagtig is, kan as 'n waarnemer teenwoordig wees by 'n ondersoek wat gedoen word deur die departement in subartikel (1) bedoel of gedurende die tref van regstellende maatreëls deur daardie departement na 'n lugvaartuigongeluk of -voorval.

(3) Behoudens enige ander Parlementswet moet die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, op versoek, voorsien word van enige tussentydse of finale verslag opgestel ten opsigte van 'n ondersoek deur 'n departement in subartikel (1)*(b)* bedoel, en kan dit hersien en daarop kommentaar gelewer word.

**Notification to Minister of department having direct interest in aircraft accident or aircraft incident by Aviation Safety Investigation Board**

**39.** Where the Aviation Safety Investigation Board is notified of an aircraft accident or incident it must—

*(a)* forthwith provide particulars of the aircraft accident or incident to any Minister responsible for a department having a direct interest in the aircraft accident or incident; and

*(b)* forthwith, after complying with paragraph *(a)*, advise the Minister referred to in paragraph *(a)* of any investigation that it plans to conduct and the scope of the investigation.

**Attendance and removal of observers at aircraft accident or aircraft incident investigations**

**40.** (1) Subject to any conditions that the Aviation Safety Investigation Board may impose, a person may attend as an observer at an investigation of an aircraft accident or incident conducted by the Aviation Safety Investigation Board if the person—

*(a)* is designated as an observer by the Minister responsible for a department having a direct interest in the subject matter of the investigation;

*(b)* has observer status or is an accredited representative or an adviser to an accredited representative, pursuant to an international agreement or convention relating to transportation to which the Republic is a party; or

*(c)* is invited by the Aviation Safety Investigation Board to attend as an observer because, in the opinion of the Aviation Safety Investigation Board, the person has a direct interest in the subject matter of the investigation and shall contribute to achieving the Aviation Safety Investigation Board's objects.

(2) The Aviation Safety Investigation Board may remove an observer from an investigation if the observer contravenes any condition imposed by the Aviation Safety Investigation Board on the observer's presence or if, in the Aviation Safety Investigation Board's opinion, the observer has a conflict of interest that impedes the conduct of the investigation.

***Part 4***

**REPORTING ON COMPLETION OF AIRCRAFT ACCIDENT OR AIRCRAFT INCIDENT INVESTIGATION**

**Aircraft accident or incident investigation report**

**41.** (1) On completion of any investigation, the Aviation Safety Investigation Board must prepare and make available to the Minister, Parliament and the public, a report on its findings, including any safety deficiencies that it has identified and any recommendations that it considers appropriate in the interests of aviation safety.

(2) Before making public a report under subsection (1), the Aviation Safety Investigation Board must—

*(a)* send a copy of the draft report on its findings and any safety deficiencies that it has identified, to each department and any other person who, in the opinion of the Aviation Safety Investigation Board, has a direct interest in the findings of the Aviation Safety Investigation Board;

*(b)* give that department or interested person a reasonable opportunity to make representations to the Aviation Safety Investigation Board with regard to the draft report, before the final report is prepared;

**Kennisgewing van Minister van departement met regstreekse belang by lugvaartuigongeluk of -voorval deur Lugvaartveiligheidsondersoekraad**

**39.** Waar die Lugvaartveiligheidsondersoekraad van 'n lugvaartuigongeluk of -voorval in kennis gestel word, moet—

*(a)* besonderhede van die lugvaartuigongeluk of -voorval sonder versuim verskaf word aan 'n Minister verantwoordelik vir 'n departement met 'n regstreekse belang by die lugvaartuigongeluk of -voorval; en

*(b)* na voldoening aan paragraaf *(a)*, die Minister in paragraaf *(a)* bedoel, sonder versuim van raad bedien oor enige ondersoek wat hulle beplan om in te stel en die omvang van die ondersoek.

**Bywoning en verwydering van waarnemers by ondersoeke na lugvaartuigongelukke of -voorvalle**

**40.** (1) Behoudens enige voorwaardes wat die Lugvaartveiligheidsondersoekraad stel, kan 'n persoon as 'n waarnemer teenwoordig wees by 'n ondersoek na 'n lugvaartuigongeluk of -voorval wat deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad gedoen word indien die persoon—

*(a)* as 'n waarnemer aangewys is deur die Minister verantwoordelik vir 'n departement met 'n regstreekse belang by die onderwerp van die ondersoek;

*(b)* waarnemerstatus het of 'n geakkrediteerde verteenwoordiger of 'n adviseur van 'n geakkrediteerde verteenwoordiger is ingevolge 'n internasionale ooreenkoms of konvensie rakende vervoer waarby die Republiek 'n party is; of

*(c)* deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad genooi word om as 'n waarnemer teenwoordig te wees aangesien, na die mening van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, die persoon 'n regstreekse belang by die onderwerp van die ondersoek het en sal bydra tot die bereiking van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad se oogmerke.

(2) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan 'n waarnemer van 'n ondersoek verwyder indien die waarnemer 'n voorwaarde oortree wat deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad vir die waarnemer se teenwoordigheid gestel is of indien, na die mening van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, die waarnemer 'n botsing van belange het wat die doen van die ondersoek belemmer.

*Deel 4*

## VERSLAGDOENING OOR AFHANDELING VAN ONDERSOEK NA LUGVAARTUIGONGELUK OF -VOORVAL

**Verslag oor ondersoek na lugvaartuigongeluk of lugvaartuiginsident**

**41.** (1) By die afhandeling van 'n ondersoek moet die Lugvaartveiligheidsondersoekraad 'n verslag oor hulle bevindings, insluitende enige veiligheidstekortkominge wat hulle geïdentifiseer het en aanbevelings wat hulle gepas ag in die belang van lugvaartveiligheid, voorberei en aan die Minister beskikbaar stel.

(2) Alvorens 'n verslag kragtens subartikel (1) openbaar gemaak word, moet die Lugvaartveiligheidsondersoekraad—

*(a)* 'n afskrif van die konsepverslag oor sy bevindings en enige veiligheidstekortkominge wat hy geïdentifiseer het, stuur aan elke departement en enige ander persoon wat, na die mening van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, 'n regstreekse belang by die bevindings van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad het;

*(b)* aan daardie departement of belangstellende persoon 'n redelike geleentheid bied om vertoë met betrekking tot die konsepverslag tot die Lugvaartveiligheidsondersoekraad te rig voordat die finale verslag opgestel word;

*(c)* comply with the provisions of Annex 13; and

*(d)* take into account the protection of information provided for in this Act or any other Act of Parliament.

(3) The period for submission of any representations must be within 60 days of receipt of the report.

(4) No person may communicate or use the draft report or permit its communication or use for any purpose, other than the taking of remedial measures, not strictly necessary to the study of, and preparation of representations concerning, the draft report.

(5) The Aviation Safety Investigation Board must provide an interim statement on the progress and findings of an investigation—

*(a)* on written request made in respect of that investigation, to any Minister responsible for a department having a direct interest in the subject matter of the investigation; and

*(b)* to any coroner investigating the aircraft accident or incident, where the aircraft accident or incident involved a fatality and significant progress has been made in the Aviation Safety Investigation Board's investigation.

(6) A person, other than a Minister of a department, who is provided with an interim statement under subsection (5) must not use the statement or permit its use for any purpose not strictly necessary to the examination of the statement.

(7) The Aviation Safety Investigation Board must reconsider its findings and recommendations pursuant to an investigation that it has conducted under this Act where, in its opinion, new material facts appear.

**Manner of dealing with representations**

**42.** (1) Representations made pursuant to section 41(2)*(b)* may be submitted in any manner the Aviation Safety Investigation Board considers appropriate.

(2) The Aviation Safety Investigation Board must—

*(a)* keep a record of those representations;

*(b)* consider those representations before preparing its final report; and

*(c)* notify, in writing, each of the persons who made those representations, how the Aviation Safety Investigation Board has disposed of that person's representations.

(3) A representation is privileged, except if it is a representation made by a Minister responsible for a department having a direct interest in the findings of the Aviation Safety Investigation Board subject to this Act or to a written authorisation from the author of a representation, and no person may knowingly communicate any representation or permit it to be communicated to any other person.

(4) The Aviation Safety Investigation Board may use representations it considers necessary in the interests of aviation safety.

(5) If requested to do so by a judicial inquest, instituted in terms of the Inquests Act, that is conducting an inquest into any circumstances in respect of which representations were made to the Aviation Safety Investigation Board, it must make such representations available to such inquest.

(6) Except for use for the purpose of an investigation by a judicial inquest in terms of the Inquests Act, no person may use any representations made to the Aviation Safety Investigation Board under this section in any criminal, civil, disciplinary or other proceedings.

*(c)* voldoen aan die bepalings van Aanhangsel 13; en

*(d)* die beskerming van inligting waarvoor in hierdie Wet en enige ander Parlementswet voorsiening gemaak word, in ag neem.

(3) Die tydperk vir die voorlegging van enige vertoë moet binne 60 dae vanaf die ontvangs van die verslag wees.

(4) Geen persoon mag die konsepverslag bekend maak of gebruik of die bekendmaking of gebruik daarvan toelaat nie vir enige doel, uitgesonderd die tref van regstellende maatreëls, wat nie spesifiek vir die bestudering van, en opstel van vertoë rakende, die konsepverslag nodig is nie.

(5) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet 'n tussentydse verslag oor die vordering en bevindings van 'n ondersoek verskaf—

*(a)* op skriftelike versoek ten opsigte van daardie ondersoek, aan 'n Minister verantwoordelik vir 'n departement met 'n regstreekse belang by die onderwerp van die ondersoek; en

*(b)* aan 'n lykskouer wat die lugvaartuigongeluk of -voorval ondersoek, waar die lugvaartuigongeluk of -voorval 'n sterfgeval behels en beduidende vordering in die Lugvaartveiligheidsondersoekraad se ondersoek gemaak is.

(6) 'n Persoon, uitgesonderd 'n Minister van 'n departement, wat voorsien word van 'n tussentydse verslag ingevolge subartikel (5), mag nie die verslag gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie vir enige doel wat nie spesifiek vir die ondersoek van die verslag nodig is nie.

(7) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet hul bevindings en aanbevelings na aanleiding van 'n ondersoek wat hulle ingevolge hierdie Wet gedoen het, heroorweeg waar, na hul mening, nuwe wesenlike feite aan die lig kom.

**Wyse van hantering van vertoë**

**42.** (1) Vertoë wat ingevolge artikel 41(2)*(b)* gemaak word, kan op enige wyse ingedien word wat die Lugvaartveiligheidsondersoekraad gepas ag.

(2) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet—

*(a)* 'n rekord hou van sulke vertoë;

*(b)* daardie vertoë oorweeg voordat die finale verslag opgestel word; en

*(c)* elk van die persone wat daardie vertoë gerig het, skriftelik in kennis stel en aandui hoe die Lugvaartveiligheidsondersoekraad daardie persoon se vertoë hanteer het.

(3) Vertoë is geprivilegieerd, uitgesonderd as dit vertoë is wat gerig is deur 'n Minister verantwoordelik vir 'n departement met 'n regstreekse belang by die bevindings van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad onderhewig aan hierdie Wet of aan 'n skriftelike magtiging van die skrywer van die vertoë, en niemand mag willens en wetens enige vertoë aan enige ander persoon bekend maak of toelaat dat dit bekend gemaak word nie.

(4) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad kan vertoë wat hulle nodig ag in belang van lugvaartveiligheid gebruik.

(5) Op versoek om dit te doen deur 'n geregtelike doodsondersoek ingestel ingevolge die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke wat 'n doodsondersoek instel na omstandighede ten opsigte waarvan vertoë tot die Lugvaartveiligheidsondersoekraad gerig is, moet sodanige vertoë aan sodanige geregtelike doodsondersoek beskikbaar gestel word.

(6) Uitgesonderd vir gebruik vir die doel van 'n ondersoek deur 'n geregtelike doodsondersoek ingevolge die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke ingestel, mag niemand enige vertoë wat ingevolge hierdie artikel tot die Lugvaartveiligheidsondersoekraad gerig is, in enige strafregtelike, siviele, dissiplinêre of ander verrigtinge gebruik nie.

**Notification of findings and recommendations**

**43.** (1) At any time during its investigation of an aircraft accident or incident, the Aviation Safety Investigation Board must notify forthwith in writing, the Minister or any person who, in its opinion, has a direct interest in its findings and recommendations, whether interim or final, that in its opinion the matter requires urgent action

(2) On completion of its investigation of an aircraft accident or incident, the Aviation Safety Investigation Board must—

*(a)* notify forthwith in writing, any Minister or person who, in its opinion, has a direct interest in its findings, as to the causes and contributing factors of the aircraft accident or incident, any safety deficiencies it has identified and any recommendations resulting from its findings; and

*(b)* comply with the provisions of Annex 13 and furnish the Civil Aviation Authority with such findings as to the causes and contributing factors of the aircraft accident or incident, and safety deficiencies it has identified and any recommendations resulting from its findings.

**Response by Minister**

**44.** (1) A Minister of a department who is notified of the findings and recommendations of the Aviation Safety Investigation Board under section 43(2)*(a)* must, within 90 days after being so notified—

*(a)* advise the Aviation Safety Investigation Board in writing, of any action taken or proposed to be taken in response to those findings and recommendations; or

*(b)* provide written reasons to the Aviation Safety Investigation Board if no action shall be taken or if the action to be taken differs from the action that was recommended.

(2) Where the Aviation Safety Investigation Board is satisfied that a Minister is unable to respond to the Aviation Safety Investigation Board within the period referred to in subsection (1), the period may be extended as the Aviation Safety Investigation Board considers necessary.

***Part 5***

**APPEALS AGAINST FINDINGS OF AVIATION SAFETY INVESTIGATION BOARD AND REOPENING OF AIRCRAFT ACCIDENT OR AIRCRAFT INCIDENT INVESTIGATION**

**Appeal against findings on aircraft accident or aircraft incident investigation**

**45.** (1) Any affected person who feels aggrieved by the findings on an investigation, may appeal against such findings to an appeal committee established in terms of section 122, within 60 days after the publication of such findings.

(2) An appeal must be lodged in writing, stating the reasons why the findings should be varied or set aside.

(3) A person lodging an appeal must submit a copy of the appeal and any documents or records supporting such appeal, to the Aviation Safety Investigation Board and must furnish proof of such submission to the appeal committee.

(4) The Aviation Safety Investigation Board must, within 60 days of receipt of the copy of the appeal referred to in subsection (3), deliver a written reply to such appeal to the appeal committee.

(5) The appeal committee must adjudicate the appeal in accordance with Appeal Committee Rules as approved by the Minister.

**Kennisgewing van bevindings en aanbevelings**

**43.** (1) Te eniger tyd tydens hul ondersoek van 'n lugvaartuigongeluk of -insident, moet die Lugvaartveiligheidsondersoekraad die Minister of enige persoon wat na hul mening 'n regstreekse belang het by die bevindings en aanbevelings, hetsy tussentyds of finaal, onverwyld skriftelik in kennis stel dat die aangeleentheid na hul mening dringende optrede vereis.

(2) By afhandeling van 'n ondersoek na 'n lugvaartuigongeluk of -voorval moet die Lugvaartveiligheidsondersoekraad—

*(a)* die Minister of enige persoon wat na hul mening 'n regstreekse belang het by die bevindings oor die oorsake en bydraende faktore van die lugvaartuigongeluk of -voorval, onverwyld skriftelik in kennis stel van enige tekortkomings wat geïdentifiseer is en enige aanbevelings wat uit die bevindings voortspruit; en

*(b)* aan die bepalings van Aanhangsel 13 van die Konvensie voldoen en die Burgerlike Lugvaartowerheid voorsien van sodanige bevindings rakende die oorsake en bydraende faktore van die lugvaartuigongeluk of -voorval, en veiligheidstekortkominge wat geïdentifiseer is en enige aanbevelings wat uit die bevindings voortspruit.

**Reaksie deur Minister**

**44.** (1) 'n Minister van 'n departement wat ingevolge artikel 43(2)*(a)* in kennis gestel word van die bevindings en aanbevelings van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad, moet binne 90 dae nadat hy of sy aldus in kennis gestel is—

*(a)* die Lugvaartveiligheidsondersoekraad skriftelik in kennis stel van enige stappe wat gedoen is of beoog word na aanleiding van daardie bevindings en aanbevelings; of

*(b)* skriftelike redes aan die Lugvaartveiligheidsondersoekraad verstrek indien geen stappe gedoen gaan word nie of indien die stappe wat beoog word, verskil van die stappe wat aanbeveel is

(2) Waar die Lugvaartveiligheidsondersoekraad oortuig is dat 'n Minister nie in staat is om binne die tydperk in subartikel (1) bedoel op die Lugvaartveiligheidsondersoekraad te reageer nie, kan die tydperk verleng word soos die Lugvaartveiligheidsondersoekraad nodig ag.

***Deel 5***

**APPÈLLE TEEN BEVINDING VAN LUGVAARTVEILIGHEIDSONDERSOEKRAAD EN HEROPENING VAN ONDERSOEK NA LUGVAARTUIGONGELUK OF LUGVAARTUIGINSIDENT**

**Appèl teen bevindings oor ondersoek na lugvaartuigongeluk of lugvaartuiginsident**

**45.** (1) Enige geraakte persoon wat gegrief is deur die bevindinge oor 'n ondersoek, kan by 'n appèlkomitee ingestel ingevolge artikel 122, appèl aanteken teen sodanige bevindings binne 60 dae sedert die publikasie van sodanige bevindings.

(2) 'n Appèl moet skriftelik ingedien word en die redes stel waarom die bevindings verander of tersyde gestel moet word.

(3) 'n Persoon wat 'n appèl indien, moet 'n afskrif van die appèl en enige ondersteunende dokumente of rekords, by die Lugvaartveiligheidsondersoekraad indien en moet bewys van sodanige indiening aan die appèlkomitee verstrek.

(4) Die Lugvaartveiligheidsondersoekraad moet, binne 60 dae sedert ontvangs van die afskrif van die appèl in subartikel (3) bedoel, 'n skriftelike antwoord op sodanige appèl aan die appèlkomitee aflewer.

(5) Die appèlkomitee moet die appèl ooreenkomstig Appèlkomiteereëls soos deur die Minister goedgekeur, bereg.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(6) The appeal committee may confirm, vary or set aside the findings referred to in subsection (1).

(7) The appeal committee may keep in abeyance an appeal lodged in terms of this section if the provisions of section 69 are invoked before the finalisation of the appeal.

**Reopening of aircraft accident or incident investigation**

**46.** (1) The Minister may, upon request, decide to reopen an investigation of an aircraft accident or incident if—

*(a)* new and significant evidence, which was not considered by the Aviation Safety Investigation Board exist, and such evidence is likely to influence the findings of the Aviation Safety Investigation Board and the reopening of the investigation is in the interest of aviation safety; or

*(b)* the findings of the Aviation Safety Investigation Board have been set aside in terms of section 45(6).

(2) In making a decision in terms of subsection (1), the Minister may prescribe the conditions subject to which the reopened aircraft accident or incident shall be conducted provided that such conditions are not in conflict with the provisions of Annex 13.

***Part 6***

**PRIVILEGED AND PROTECTED INFORMATION**

**Definition of 'on-board recording'**

**47.** In this Part, 'on-board recording' means the whole or any part of—

*(a)* a recording of voice communications originating from, or received on or in, the flight deck of an aircraft; or

*(b)* a video recording of the activities of the personnel of an aircraft, that is made using recording equipment that is intended not to be controlled by the personnel, on the flight deck of the aircraft,

and includes a transcript or substantial summary of such a recording.

**Privilege for on-board recordings**

**48.** Every on-board recording is privileged and, except as otherwise provided by this Chapter, no person, including any person to whom access is provided under this Chapter, may—

*(a)* knowingly communicate an on-board recording or permit it to be communicated to any other person; or

*(b)* be required to produce an on-board recording or give evidence relating to it in any legal, disciplinary or other proceedings.

**Access by investigator**

**49.** Despite section 48, any on-board recording that relates to an aircraft accident or incident being investigated under this Act, must be released to an investigator who requests it for the purposes of the investigation.

**Use of on-board recording**

**50.** The Aviation Safety Investigation Board may make such use of an on-board recording obtained under this Act as it considers necessary in the interests of aviation safety but, subject to section 51, must not knowingly communicate or permit to be communicated to anyone any portion thereof

(6) Die appèlkomitee kan die bevindings bedoel in subartikel (1) bevestig, verander of tersyde stel.

(7) Die appèlkomitee kan ’n appèl opskort wat ingevolge hierdie artikel ingedien is as die bepalings van artikel 69 aangeroep word voordat die appèl afgehandel is.

**Heropening van ondersoek na lugvaartuigongeluk of lugvaartuiginsident**

**46.** (1) Die Minister kan, op versoek, besluit om ’n ondersoek van ’n lugvaartuigongeluk of -insident te heropen as—

*(a)* nuwe en beduidende getuienis bestaan wat nie deur die Lugvaartveiligheidsondersoekraad oorweeg is nie, en sodanige getuienis waarskynlik die bevindings van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad sal beïnvloed en die heropening in die belang van lugvaartveiligheid is; of

*(b)* die bevindinge van die Lugvaartveiligheidsondersoekraad ingevolge artikel 45(6) tersyde gestel is.

(2) By die neem van ’n besluit ingevolge subartikel (1), kan die Minister die voorwaardes voorskryf waaraan die voer van die heropende lugvaartuigongeluk of -insident onderhewig sal wees, met dien verstande dat sodanige voorwaardes nie in stryd met die voorwaardes van Aanhangsel 13 is nie.

*Deel 6*

## GEPRIVILIGIEERDE EN BESKERMDE INLIGTING

**Omskrywing van ‘aanboordopname’**

**47.** In hierdie Deel, beteken ‘aanboordopname’ die geheel of enige deel van—

*(a)* ’n opname van stemkommunikasie afkomstig uit, of ontvang op of in, die vlugdek van ’n lugvaartuig; of

